# AFDELING A. -- HISTORIES.

## Hoofstuk 1.

## Die Ontstaan van die N.G.Kerk in Rhodesië.

### HISTORIESE INLEIDING.

Langs die noordkus van Afrika was daar in die eerste dae van die Christendom kragtige, groeiende kerke en gemeentes en ook leiers op geestelike gebied soos die kerkvaders Tertullianus, Ciprianus en Augustinus wat die heilsboodskap in geskrifte verewig en met hul lewens versier het. Maar nadat die Islam ook dié gebied oorweldig het om daarna te teer op die ruïnes en tradisies van die Romeinse Ryk, was daar in Afrika nog net een inboorlingstaat, Ethiopië, waar getrag is om die Christelike leerstellinge in beoefening te bring. Uit die noorde was daar egter voortdurend die bedreiging van die Hamitiese groep wat die Arabiese Mohammedanisme oor Afrika probeer versprei het. Dit en die afgesonderde geografiese ligging het meegebring dat, toe die suidwaartse beweging van Bantoegroepe in die binnelande van Afrika begin het, en deur die byna ondeurdringbare woude van Sentraal-Afrika 'n pad na die hooglande van Tanganjika en later Rhodesië gebaan is, daar slegs hier en daar 'n spoor van die oorspronklike Christelike opvattings sigbaar was.[1)]

Die aartspriester Johannes, wat onder dié inboorlinge werksaam was, het egter soveel beroemdheid verwerf dat hy ook in die buitewêreld die mees gesogte persoon in Afrika geword het. By die Portugese, wat die stryd tussen die Kruis en die Halwe Maan die eerste tot 'n geslaagde einde gebring het, en by wie die geloofsywer van die kruistogte voortgebrand het, het die gedagte ontstaan om aanknopingspunte met „Priester" Johannes te probeer verkry,[2)] teneinde die aartsvyand, die Mohammedanisme, ook in Afrika te vervolg, en terselfdertyd die stryd om 'n seeweg na Indië en teen die Arabiese handelsmonopolie aan te durf. Prins Hendrik „die Seevaarder" het opdrag aan sy seeliede gegee dat hy nie alleen kennis van Afrika wou

1) Vgl. Theal: History and Ethnography of S.A., Vol.1,86.

hê nie, maar ook van Indië en die land van priester Johannes.[1] Die een Portugese afgesant en ekspedisie na die ander het gedurende die veertiende en vyftiende eeu om Afrika geseil, sodat teen 1505 die hele Ooskusstrook vanaf Gardufui tot by Lourenco Marques in besit van Portugal was.

Die Jesuite-orde wat met sy sendingywer die godsdiens na vore gedruk het as 'nmotief vir koloniale uitbreiding, het gesorg dat saam met die handelstasies aan die kus ook kloosters opgerig is. Daarvandaan het die sendelinge van die Orde hul togte na die binneland onderneem, veral met die oog op sendingwerk onder die magtigste keiserryk Monomotapa, wat uit die bewegende inboorlinge en in die Zambesia-gebied, die huidige Rhodesië, onstaan het.[2] Die bewoners, die Makaranga, het daar 'n taamlik hoogstaande beskawingsvorm bereik,[3] sodat die Portugese by die aanvang dan ook skynbaar met hul bekeringswerk sukses behaal het.[4]

Intussen het drie gebeurtenisse die hele verloop van die geskiedenis van suidelike Afrika verander. Eerstens het Portugal baie agteruitgegaan, en daarmee ook die kolonies waarin heel dikwels 'n proses van verbastering aan die gang was, leiers ontbreek het en botsing met die inboorlinge gedurig gedreig het.[5] Onder die Bantoe het die Christelike godsdiens later heeltemal uitgesterf,[6] sodat, toe die volgende belangrike gebeurtenis plaasgevind het, naamlik die nedersetting van 'n tweede Europese ras in suidelike Afrika, en wel die volksplanting van die N.O.I.K., daar sonder voorbehoud deur die leier, Jan van Riebeeck, verklaar kon word dat dit nou weer die doel en taak van die Nederlandse koloniste was om die Christelike godsdiens aan die „wilde barbare" te bring.[7] So het die beskawingsverantwoordelikheid vir Afrika van die Portugese

1) Vgl. Prestage: Portuguese Pioneers, 213.
2) Hall: Prehistoric Rhodesia, 32,84.
3) Louw: Dageraad in Banyailand, 60. Theal: Records of Africa, Vol. Vl., 265.
4) Wilmot: Monomotapa, 228.
5) Theal: History of South Africa. Vol.111, 328.
6) Theal: idem.
7) Godee Molsbergen: Jan van Riebeeck, 76. de Klerk: Kerk en Sending in Suid-Afrika, 47.

na die „Afrikaanse" volk verskuiwe. Terselfdertyd was dit 'n vervanging van die Rooms-Katolieke godsdiens deur die Protestantse.

Asof die hele sentrale Afrika op die klein gemeenskappie aan die Kaap wou toesak, volg daar derdens 'n snelle suidwaartse beweging van die naturellehordes wat die Sambesie- en Limpoporiviere oorgesteek het. Twee moordende afdelings, die Abambo en Amazimba, het op hul wildehondepad na die teenswoordige Natal niks anders as dood en verwoesting agtergelaat nie. Enkele jare voordat dié groepvormende inboorlinge met die stadig noordwaartsbewegende blankes in aanraking sou kom, het daar egter 'n skielike ommeswaai van dié naturelle terug na die gebied van hulle oorsprong, die groot mere, plaasgevind. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die opkoms van die sadistiese Zoeloe-Napoleon, Tsjaka, wie se gewelddade die geskiedenis van Afrika tot aan die ewenaar beïnvloed het. Die een stam na die ander moes voor hom die wyk neem, en diè weer het op hul beurt, so ver hulle gevlug het, gemoor en alles verniel. Die meeste van hulle het eindelik in die huidige Suid- en Noord-Rhodesië tot stilstand gekom waar die stamverband gekonsolideer is.[1)]

Intussen het die blankes uit die suide stadig meer oos- en noordwaarts beweeg. Die Britse regering wat na anderhalf eeu aan die Kaap aan bewind gekom het, kon of wou geen tegemoetkomende houding teenoor die Afrikaanse burgers wat geweier het om op eie vaderlandsbodem as vreemdelinge of „koloniste" behandel te word, openbaar nie.[2)] 'n Groot gedeelte van hulle het die Vrystaatse velde en Natalse heuwels oorgetrek, en daar teen die agtergeblewe Zoeloes gebots. Die slag van Bloedrivier in 1838 aldaar het die belangrikste hoekbaken van die blanke beskawingsproses in Afrika geword, terwyl verder noord, op die hakke van die Abagaza wat die Portugese by Macequece en Esperito Santo uitgedelg het,[3)] die trekke

---

1) Vgl. Theal: The Beginning of South African History, 435 - 445.

van Louis Trichardt en Hans van Rensburg soos twee voelhorings van die Afrikaanse volk gegaan het, totdat Van Rensburg en sy hele geselskap deur dieselfde Abagaza-afdeling onder Sakana vermoor is. Na die weste het die „Wit Krokodil" van die Groot Trek, H. Potgieter, die Matabeles onder Mziligazi oor die Limpopo gedryf,[1] en daarmee het die Boerevolk se aandeel aan die ontwikkeling van Rhodesië begin.

Die noordwaartse trek oor die Drakensberge na Lydenburg, Potchefstroom en Soutpansberg het inmiddels voortgegaan terwyl die Britse sendelinge en imperialiste hul oë op die binneland van Afrika begin rig het. D. Livingstone, wat blykbaar die klem van sending-„werk" na dié van ontdekkingsreise verskuif het,[2] en daarmee onsterflike roem verwerf het, het in dié verband verklaar: „That you may have a clear idea of my object, I may state that they have something more than meets the eye. They are not merely exploratory, for I go with the intention of benefiting both the African and my own countrymen....; but what I tell to none but such as you in whom I have confidence, is this- I hope it may result in an English colony in the high healthy lands of Central Africa."[3]

By hierdie imperiale verspiederswerk van die sendelinge wie se motiewe die Boere moeilik as geestelik en evangeliserend kon onderskryf, het Cecil John Rhodes wat in die sewentiger jare in die Kaap aangekom het, al gou sy eie strewe gevolg. „The great object of present humanity should be to take as much of the world as it possibly could", het hy verklaar.[4] Hy het hom beywer om vir die Britse vlag „the vast territories north and south of the river Zambesi,.....no-man's-land, or everybody's land as far as European Governments were concerned,"[5] te verseker.

---

1) Potgieter en Theunissen: Hendrik Potgieter, 92.
2) Missionary Travels and Researches in South Africa, 1857, 673.
3) Fripp: Souls and Gold, 41.
4) Vindex: Cecil Rhodes: His Political Life and Speeches. 1881-1890, 7.
5) Report: B.S.A.Co. 1st Annual Meeting. Dec. 1891.

Met dié doel voor oë het Rhodes die minerale-regte-konsessie van Lobengula, koning van die Matabeles, verkry,[1] die B.S.A. Company waarvan hy besturende-direkteur was, gefloteer en met die Lippert-konsessie ook op grondbesitreg van Rhodesië aanspraak gemaak(1888).[2] In 1889 is die koninklike oktrooi aan die Maatskappy verleen en kort daarna het Rhodes met sy „okkupasie-planne" begin. 'n Militêre mag van vyfhonderd polisie en tweehonderd pioniers het in September 1890 by Fort Salisbury tot stilstand gekom, en deur die optrede van dié ekspedisie, waaraan sowel Boere as Engelse deelgeneem het,[3] is die eerste stap gedoen ter toevoeging van die gebiede van Sentraal-Afrika tot die Britse Ryk.

## 2. DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN DIE AFRIKAANSE GEMEENSKAP BENOORDE DIE LIMPOPO.

### a. Jagters en Traktate voor die Britse Besetting, 1890.

Die gebied waarheen die s.g. „Pioneer Column" beweeg het, was die Afrikaners nie onbekend nie. Immers was die Nederlanders seker net so bekend met die ryk van Monomotapa soos die Portugese. In dié verband het die Raad-Extraordinaris van Indië, Pieter van Hoorn, die „lant reijse naer de groote rivier Vigiti Magna ende groot stadt Monomotapa, en de verwachten negotiën in goud en tanden"[4] as 'n hersenskim veroordeel. Nietemin het Jan van Riebeeck en sy burgers bly belangstel in dié gebied wat Rhodesië sou word en is verbinding met die Namakwas gesoek, die „men weer als brug beschouwde met Monomotapa en zelfs de Kongo."[5]

Amper twee eeue na die stigting van die volksplanting het Andries Hendrik Potgieter die Matabele-impi's die Matopo (Monomotapa?) bergreeks ingedryf,[6] en

1) C. 5918-139. (Staatsargief Pretoria.)
2) Sien Preller: Grobler Moord. Deel III, 221.
3) Report: B.S.A. Co., 2nd Annual Meeting, Dec.1892. Hofmeyr: Het leven van J.H.Hofmeyr, 452.
4) Die „Naweek": 25.7.1946, 49.
5) Godee Molsbergen: a.w., 155.
6) Potgieter en Theunissen: Hendrik Potgieter, 92.

byna gelyktydig het Karel Trichardt op sy lang reis langs die ooskus op gegaan om 'n woonplek vir hom, sy vader en sy geselskap te soek. Toe het die Afrikanerboer reeds sentraal-Masjonaland en die Simbabwe-bouvalle besoek. (1839)

„Zeker zou Trichardt deze landstreek aan zyn vader hebben aanbevolen, zo hij deze in leven had teruggevonden."[1] Tot 'n trek verder as Portugese gebied het dit egter nooit gekom nie.

Daar was intussen twee ander elemente besig om die Afrikaner 'n houvas op die land te laat kry. Die eerste was die Boerejagters, „honest good-hearted Protestants."[2] Weens die gebrek aan enige betroubare aantekeninge is dit egter moeilik om 'n behoorlike begrip te kry van die rol wat hulle op die voorposte van die noordwaartse beweging van die Boerevolk gespeel het.

Anders as die Engelse het die Boere 'n jagtog as 'n alledaagse onderneming beskou, waaroor dit nie nodig was om 'n verhaal te skryf nie, en daarby was hulle miskien ook nie so belese of so omring van sendeling-vriende wat maar te gretig was om wat vertel is, te boekstaaf, soos die geval was met Hartley, Chapman, Selous, Edwards, Robinson, Boldwin en andere nie.

Lang Willem en Daniel Prinsloo, Piet du Preez, Hermanus Potgieter, Christian en Lourens de Beer, Paul Zietsman, Christoffel Snyman en Cornelis van Rooyen is maar 'n paar name van jagters wat onder die Afrikaners dwarsdeur Rhodesië bekend is. Maar die drie beroemdstes is kommandant Jan Viljoen,[3] Petrus Jacobs en[4] Marthinus Swartz, manne wat deur hul uithouvermoë en jagtersvernuf en -kennis die agting van sowel Boer as Engelsman afgedwing het. Die gebied Masjonaland het vir hulle tussen die vyftiger en tagtiger jare van die vorige eeue al 'n tweede tuiste geword, en Viljoen se kleindogter, Maria Viljoen wat op 13 September 1871 aan die Umyoti-rivier

~~4) Baldwin: African Hunting~~, 343.
1) Ode: Staatsargief: R95/94. Vgl. Preller: Voortrekkermense II. 2.
2) Zambesi Mission Record, 1901; II. Verwimp: Thirty years in the African Wilds, 42.
3) Le Roux: Pioneers and Sportsmen, 79, e.v. Chapman Travels 13, 14

naby die huidige Enkeldoorn gebore is, waar daar tien huisgesinne op jag was, het sonder meer dié land as haar enigste beskou en het haar later in dié omtrek gevestig, waar die grootvader 'n gereelde besoeker was.

Die sendelinge het met baie waardering gepraat van die gasvryheid wat hulle van die Boerejagters ontvang het.[1] Die Afrikaner het op so'n jagtog nie slegs geweers saamgeneem nie, maar ook pluimvee, varke, honde, katte, melkkoeie ens. want daar moes gewoonlik in die behoeftes van die hele familie wat die tog vergesél het, en van vreemdelinge, voorsien word. Dit is juis hierdie aanwesigheid van Boerefamilies en -jagters in Rhodesië[2] jare voordat die Engelse op die toneel verskyn het, wat in 'n besondere mate daarvoor verantwoordelik was dat die landstreek benoorde die Limpopo vir die Afrikaner lank voor die einde van die neëntiende eeu geen vrees of vreemdheid ingehou het nie.

Na 1875 toe die wêreld daar "besaai" geraak het met jagters en dit moeilik was om die jagbedryf vir almal winsgewend te maak, is die jagtogte ter wille van plesier of awontuur onderneem. Teen daardie tyd het die Matabelekoning, Lobengula, soos sy vader, egter reeds met die Boere kennis gemaak, en die feit dat die Boere altyd met die grootste agting deur die Matabeles behandel is en daar van hulle kant nooit moordaanvalle op die jagters gedoen is nie, is seker afdoende bewys van die goeie verhouding wat tussen die twee partye bestaan het.

Die tweede faktor wat dan ook vir die Afrikaner 'n gevoel van besitreg oor Rhodesië gegee het, was juis die ooreenkomste en traktate wat met die Matabelekoning deur die Suid-Afrikaanse Republiek aangegaan is, en 'n uitvloeisel was van die begeerte van albei partye om die reedsbestaande verhouding te handhaaf. Voor 1840 al toe die voorste Trekkers onder Potgieter die Matabele verdryf het, is verklaar dat die grond wat so ontruim is,

---

1) Verwimp: a.w., 42, 43.
2) S.Hofmeyr: Twintig Jaren in Zoutpansberg, 226.

aan die emigrante families sou behoort.[1] In 1847 toe Potgieter deur Banjailand na Inhambane wou afreis en Silkaats se impi's uit hul skuilstatte in die Matopo-berge op eersgenoemde se waens afkom, en van die kaffers (60) by die waens vermoor en vee weggevoer het, het dié koning tot aan die Sambesie gevlug toe Potgieter hom agtervolg het; en het die dankbare Banjaihoofde hulle by die Hoofkommandant aangemeld en hulle onder sy beskerming geplaas. Met hulle het hy vriendskap-ooreenkomste gesluit.[2] Tot 'n formele ooreenkoms het dit met Mziligazi nie voor 1853 gekom nie, toe die goeie reg van albei partye erken en samewerking verkry is.[3] Die „traktate" met die inboorlinge benoorde die Limpopo-- 'n gebied wat kragtens die optrede van Potgieter geen „no-man's-land" was nie - het, in weerwil van agterdog wat teen die Boere opgewek is, van krag gebly tot aan die einde van die Matabele-regime.[4]

Toe die Europese moondhede egter oormekaar begin val het om elk 'n deeltjie van Afrika te gryp, het ook die president van die Suid-Afrikaanse Republiek, Paul Kruger, dit raadsaam geag om die bestaande traktate met Lobengula te hernu, en is P.Grobler as gesant gestuur. Nog voor die Rudd-Konsessie is die „Grobler"-Traktaat onderteken,[5] waarin die Matabelehoof belowe het om die vrede te bewaar, hulp aan reisigers en jagters te verskaf en die „vroeger gesloten traktaten te bekrachtig." Om die sake te vergemaklik, sou Grobler as konsul in Bulawayo agterbly.

Grobler is egter kort daarna op verraderlike wyse aangeval en dodelik beseer.[6] Voordat die Republiek nog die saak behoorlik uitgepluis het, het die „goudkoors" en die imperialistiese ywer reeds die ander moondhede beetgepak. Met Lobengula is ondertussen ooreengekom dat hy sy hele gebied tot by Sofala „exclusively within the

1) Potgieter en Theunissen: a.w., 92.
2) Idem: 178.
3) Idem: 258. Ook Preller: Grobler Moord, dl. II, 212, 213.
4) Preller: Grobler Moord dl II, 184.
5) Staatsargief, Pretoria: R.63, 43/88.
6) Preller: a.w. dl. 1, 110.

sphere of British influence" sou plaas. (Moffat-Traktaat).[1]
Proteste van Boerekant is sonder meer ge-ignoreer.

Ander boere het nou geprobeer om langs konstitusionele weg 'n houvas op die Masjonaland-gebied te verkry. In 1881 is aan 'n aantal manne uit Soutpansberg daar grond afgestaan en in 1890 het nog 'n Kommissie met lede J.L.du Preez, L.D.Adendorff, F.P.Meyer en C.J.Brummer daarin geslaag om van die Banjai-opperhoofde, Schebe en Mozobo, kragtens die sogenaamde „Adendorff-konsessie", 'n gebied ten „eeuwigdurende occupatie" vanaf die Sambesie tot aan die Limpopo deur sentraal-Masjonaland aan hul afgestaan te kry.[2] Hierdie eerste offisiële ooreenkoms[3] waarin die opperhoofde van Masjonaland grondgebied aan Afrikaners afgestaan het, is deur die B.S.A. Co. gerepudieer. Rhodes en H.Loch, die Hoë-Kommissaris, het Paul Kruger by Blignautspont gaan spreek en beloftes omtrent Swazieland en 'n korridor na die see aan hom voorgehou indien hy die voorgenome trek van Adendorff sou verbied om oor die Limpopo te gaan. Dit het Kruger gedoen en daarmee die toorn van 'n groot deel van die volk verwek.[4] Ook die Afrikanerbond en die „Di Patriot" het gemeen hul doen reg om die trek te opponeer.[5] Toe die ontnugtering en berou eindelik gekom het, was dit te laat. Rhodesië het reeds 'n integrale deel van die Britse Ryk uitgemaak, en waar die Adendorff-trekkers 'n brug wou bou om die nuwe Republiek by die oue aan te sluit, het dr. Jameson met die polisie hulle ingewag.[6] Wie na 1890 wou intrek, sou hom moes vestig onder beskerming van die Britse vlag van Rhodesië, waaruit enkele jare later die vermetele poging aangewend sou word om dieselfde president Kruger se Republiek aan te val.

---

1) Preller: a.w.: dl.11, 217.
2) Preller: idem, 219, 220. Blok: Adendorff Trek, 9. (Volgens Baine's (Baine's Goldfields Diaries, Vol. 1. 272) was die Transvaalse grens in ieder geval voor 1870 geproklameer as by die Waterskeiding in Sentraal Masjonaland, naby Inyati.
3) Vgl. Hofmeyr: Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr, 454.
4) Preller: a.w.: dl. 11, 157, 158. Rhodesia Herald 2.12. 1892.
5) Blok: Adendorff Trek, 26.; Hofmeyr: Het leven van J.H. Hofmeyr, 456.
6) Preller: a.w.: dl. 11, 156, Walker: A History of South Africa, 429.

Al het skrywers soos Leyds (Het Insluiten van de Boeren-Republiek), Preller (Die Grobler Moord), Blok (Die Adendorff-Trek) en die besluite van die Regskommissie van die Geheime Raad van die Britse Regering[1] aangetoon dat die B.S.A. Co. geen reg op grondbesit in Rhodesië gehad het nie, en dat die Boerereg skromelik misken en verontagsaam is, moet dit duidelik wees dat die laaste woord oor die goeie reg van die Afrikaner in Rhodesië nog nie geskryf is nie.[2]

Die einde van die Boere se pogings om traktate met die inboorlinge noord van die Limpopo te sluit, sluit ook die eerste deel van die ontwikkeling van Rhodesië af. Vir die Afrikaners in die Republieke het dit 'n omsingeling deur Britse Kolonies beteken, hoewel Rhodes vir die Kapenaars die land voorgehou het as 'n gebied wat oorgeneem is ter bewaring vir die Kaap, opdat sy jongmense daarheen kon gaan en die vrugte van hul arbeid daar kön pluk.[3] Maar die trekgees by die hele bevolking van Suid-Afrika is wakker geskud. Dit was egter, wat die Afrikaner betref, nie net 'n trekgees nie. Dit was die gevolg van die ontwaking van nasionalisme - ook in die Kaapkolonie in die jare sewentig-tagtig, 'n ontwaking weer wat nie net 'n Suid-Afrikaanse verskynsel was nie, maar deel was van die algehele nasionale ontwaking in Europa (Duitsland en Italië veral), en in Engeland, waar die idee van 'n groter Groot-Brittanje reeds deur die Britse sendelinge voorberei is. Besiel met hierdie nuwe tydgees het, uit alle dele van Suid-Afrika, die een trek na die ander die ou pad van die jagters na die noorde gevolg. Dit het gelyk of die Afrikaners se aandeel aan die beskawing van Afrika besuide die Limpoporivier sou eindig. Maar die verposing was net tydelik. Vir die Afrikaner wat alleen of saam met andere vanaf 1890 die nuwe gebied ingetrek het, was sy onderneming slegs die volgende stap op die Pad van Suid-Afrika, wat Rhodes self, mis-

---

1) Blok: a.w.: 114-119.
2) Leyds: Het Insluiten van de Boeren-Republieken, 261.
3) Vgl. Hofmeyr: Het leven van J.H.Hofmeyr, 451. Preller: Grobler Moord, dl.11., 160.

kien heeltemal onbewus, aangetoon het toe hy gesê het: „Go North, young man. Your hinterland lies there."

b. <u>Georganiseerde en Ander Trekke.</u>

i. <u>Algemeen.</u> Trekbewegings is so oud soos die beskawing self en is meestal pogings om die primêre instink van honger, in al sy vorme, te bevredig - honger na die liggaam en honger na die gees. So sou die volksplanting aan die Kaap 'n verversingstasie wees, die „drang" na godsdienstige vryheid sou die Hugenote daarheen bring, die dors na politieke en gewetensvryheid sou die Voortrekkers uit die Kolonie na Natal, Vrystaat en Transvaal laat trek. As motief vir die Afrikaanse trekboer na Rhodesië het veral grondhonger op die voorgrond getree. Maar in sy breedste sin kan gesê word dat die Afrikaners in en na Rhodesië slegs die voorposte gevorm het van die nouliks merkbare maar onophoudelike voortbeweging van die nasie waarin enersyds opgesluit lê die geloof dat dit die besondere bestemming van die Afrikanervolk is om die Christelike godsdiens - soos Jan van Riebeeck reeds gesê het - aan die inboorlinge te verkondig en aldus die land te beskaaf, en waarin andersyds die Afrikaanse ondernemingsgees tot uiting kom. „Die Afrikaanse volksaanleg, soos geopenbaar in die Afrikaanse volkskarakter, hou alles in wat nodig is vir 'n kragdadige, spanningvolle, verantwoordelike ondernemingsgees;......biod al die moontlikhede van 'n indiwiduele, kragtige maar gelykbewegende volhardende en vindingryk, waaghalsige ondernemingsgees."[1)] Hierdie eienskappe, te dikwels as net 'n blote „trekgees" beskrywe,[2)] is in 'n besondere mate in Rhodesië geopenbaar, en was ook daarvoor verantwoordelik dat, toe Rhodes die landstreek dadelik na die konsessie, wat hy gemeen het hom sy reg op grondbesit gegee het, vir blanke nedersetting oopgegooi het, die Afrikaners van die gunstige voorwaardes om grond te bekom, gebruik gemaak het. Grond was in die Transvaal en Vrystaat nie meer so maklik te verkry nie, en daar was boere wat gemeen het dat die plase in Rhodesië wat vir 'n paar pond

1) Dr. P.J.Meyer in Wapenskou:, Nov. 1945, 7.
2) Hofmeyr: Het Leven van J. H. Hofmeyr, 450.

„erfpag" te koop was, in ieder geval baie groter sou wees en beter vooruitsigte sou bied.

Die landswye propaganda[1] in verband met Masjonaland, die publieke opspraak wat deur die konsessie reeds veroorsaak is, die moord op Grobler, die Adendorff-trek en die rol wat dit in die presidentsverkiesing van die Transvaal gespeel het, die gewilligheid van Lobengula om die pioniers ongehinderd deur die land te laat trek en die sukses van die deurtog, dit alles het van 'n ondernemingsgees gespreek wat moeilik deur die Afrikaner onbeantwoord kon gebly het. Verder het die verskillende tydskrifte soos Di. Patriot, die Graaf-Reinetter, De Express, die optrede van die Afrikanerbond met die waardige ds. S.J. du Toit en „onze Jan" Hofmeyr aan die spits, en later ook van die N.G.Kerk in sy daadwerklike bemoeiing met die geestelike welsyn van sy lidmate, die Boere „Masjonaland-bewus" gemaak.

ii. Na Manikaland. Daar is algemeen verkondig dat 'n Tweede „Rand" in Masjonaland ontgin moes word, dog die Afrikaners het hulle nie maklik aan die „goudkoors" oorgegee nie - die atmosfeer daaraan verbonde was vir hulle vreemd. Enkele het egter met dié doel getrek, en 'n paar het gegaan om prominente plekke in die plaaslike administrasie aldaar te vul. Maar die oorgrote meerderheid van die trekkers was landbouers terwyl 'n aansielike aantal hulle op transportry toegelê het.

Vir diegene wat hulle op die plase wat afgepen sou word, wou vestig, het dit al spoedig duidelik geword dat hulle hulle in groepe moes organiseer om 'n redelike goeie reis 'n veilige aankoms en hulp in tyd van siekte te verseker. Een van die eerste trekke wat aan die oproep van Rhodes gehoor gegee het en hom op die boerdery toegelê het, was dié van 'n Kapenaar, Laurence van der Byl. In 1891 het hy met vyf-en-twintig jong manne op die spore van die „Pioneer Column" gevolg, maar in stede van plase by Salisbury af te pen, het hulle na die oostelike deel

---

1) Blok: Die Adendorff-Trek, 79.

van die land gegaan om tussen die Macheke- en Rusaperiviere die „Laurencedale Settlement" te begin - deels ook om daar die dreigende houding van die Portugese teen te werk.[1] Behoorlike huishouding en verpleging het egter ontbreek, en met die boerdery was daar ook geen sukses nie. „There are countries," het die eerste administrateur van Masjonaland verklaar, „where a man can go with a few pounds and a few implements, and given cheap land or frée land can work his way to prosperity with his own hands. Emphatically it must be declared that South Africa is no such land."[2] Die manne was nie bekend met die geaardheid van die land en grond nie, en toe Laurence van der Byl enkele maande na sy aankoms siek geword en gesterf het, was dit so'n skok vir die hele gemeenskap daar dat dié terstond opgebreek het en net twee agtergelaat is om te bly boer. Die ander het probeer teruggaan of is na Salisbury waar hulle by die militêre magte aangesluit het

iii. <u>Na Banjailand.</u> Die gebied van die Bonjai-inboorlinge het vir die Afrikaner vanaf die dae van Potgieter 'n besondere bekoring ingehou: wild was volop, die klimaat in die hoër streke anderkant Simbabwe nie ongesond nie, die inboorlinge vreedsaam en onderdanig, en dit het aan die Transvaalse Republiek gegrens. Toe die eerste trek na die gebied deur voornoemde Adendorff en andere georganiseer is, was dit met die ideaal van absolute onafhanklikheid omdat dit vir baie ondersteuners van die trek duidelik geword het dat die Afrikaanse volk ook in die Republiek gevaar loop om deur die Engelse gees verswelg te raak. Die leiërs wat Banjailand besoek het om 'n suiwer Afrikaanse Republiek te stig, het erken dat dit was omdat hul beangs gevoel het „over de wijse waarop die heer Rhodes een mengelmoes maakt van de politiek van Suid-Afrika, met sijn eigen private plannen in het Noorden."[3] Daarom ook het hulle die steun van manne soos genl. P. Joubert in Transvaal en genl. C.R.

---

1) Pioneer Number: Rhodesia Herald Sept. 1940, 81.
2) Colquhoun: Africanderland, 303.
3) Hofmeyr: Het Leven van J.H.Hofmeyr, 45. vv. De Express: Bloemfontein, 14.4.1891. Blok: a.w. 82,83. 455 e.v.

de Wet, die voorsitter van die takkomitees van die Trek in die Vrystaat, geniet.

Maar toe ongeveer honderd lede van dié Adendorff-trek in April 1891 in die bekke van kanonne aan die anderkant van die Limpopo gestaar het, het die konsessiehouers, bestuurslede en baie ander teruggegaan om hulle goeie reg te verdedig. Dit was tevergeefs en die trek as sodanig het misluk. Heelwat van die trekkers was egter so moedeloos, veral aangesien alle besittings in die Suide reeds verkoop was, dat hulle nie wou teruggaan nie, en aansoek gedoen het om in die gebied te jag, of in die polisiediens opgeneem te word of plase te bewoon.[1] So het 'n hele aantal van hulle na Salisbury getrek.

iv. <u>Na Charter.</u> Sommige van die lede van dié Trek het hulle langs die hoofpad na Salisbury in die Charter-distrik gevestig. Dié landstreek wat reeds deur die jagters as 'n aantreklike voorgestel is, het vir hulle besonder geskik vir boerdery voorgekom, en al spoedig het vriende en familielede hulle daarheen gevolg, sodat daar heel gou 'n aansienlike gemeenskap van Afrikaners was.[2] Een van die vroegste trekke daarheen was dié onder Willem Potgieter wat met ses-en-twintig waens uit Middelburg (Tvl.) gekom het. By hom het Barend Johannes van der Merwe en later ook die Posselts aangesluit. Potgieter self het daarna na Matabeleland vertrek waar feitlik die hele familie aan die koors oorlede is.[3]

Kort na Potgieter het Hermanus Kok en Pieter Ferreira ook 'n trek van twaalf waens uit die Gamtoos na Charter gebring. Albei leiers is kort na hul aankoms oorlede, maar die oorblywende Koks en Ferreira's het 'n belangrike rol bly speel in die ontwikkeling van die distrik waaraan later die naam Enkeldoorn gegee is.

Nadat T.C.de Klerk ook 'n klompie gesinne uit Bethal meegebring het en ander intrekkers hul daar gevestig het, was daar toe 'n hele Afrikaanse "kolonie", on-

1) Aston: The Raid on the Transvaal, 36.
2) Vgl. Selous: Sunshine and Storm in Rhodesia, 242.
3) Vgl. Die Brandwag: 22.11.1938, 14 e.v.

ondor andere ook die nasate van die eerste president van die Vrystaat, J. Hoffman.

Ook na Fort Victoria het 'n paar van die families getrek, terwyl verder noord na Salisbury die families Grobler, Malan, Bezuidenhout en Bekker, en naby die Mazoe, waar die pionierboere gemeen het die vrugbaarste grond was, die Jacobs, Van Stadens, Hendriks- en Erasmus-families aangetref is. Op pad na Umtali het Wyers en die Botha's gewoon.

v. Na Gazaland.[1] 'n Ander sterk Afrikaanse gemeenskap het intussen naby die hoofstat van die Abagaza opperhoof, Ngoengoenjana, op die grens tussen die Portugese en die Engelse gebied ontwikkel. Dunbar Moodie wat 'n agent was van 'n Portugese mynmaatskappy maar wie se dienste deur die B.S.A. Co. bekom is, het aan sy oom Tom Moodie van Kafferskop in die Oranje-Vrystaat die plan voorgelê om honderd families na die gebied te bring waar Rhodes en Jameson aan hom tien duisend morge grond afgestaan het ter beloning van sy optrede in belang van die B.S.A.Co. om daardie deel van die land uit die Portugese se hande te hou. Omdat nie genoeg fondse beskikbaar was nie, het 'n baie kleiner getal die trek tot by Fort Victoria aanvaar. Toe daar vasgestel is dat daar geen pad na Gazaland was nie, het die grootste gedeelte van die trekgeselskap verkies om na Salisbury te gaan, terwyl die Moodies en 'n paar ander die onbekende boswêreld en bergreekse aangedurf het. Dit het hulle eindelik geluk om na agt maande die eerste blanke nedersetting, Melsetter, in die nuwe gebied te stig (Jan. 1893), en daarmee was die weg gebaan vir die ander trekke wat kort daarna gevolg het.

Eers het die families Moolman, Bezuidenhout, Webster, Gifford, Herbst, Mynhardt, Raath, Odendaal, Labuschagne ingekom.

In 1894 volg een van die belangrikste georganiseerde trekke na Rhodesië onder leiding van Marthinus Martin, volksraadslid van Wittenberg (Bethlehem-Fouriesburg). Hierdie werklustige politikus (die beroemde „Koe-

---

1) Olivier: Pioniertrekke na Gazaland. Die Huisgenoot: 3.4.42, e.v.

lie Martin", omdat hy hom vir die Asiate-wetgewing van die Vrystaat beywer het), wat ook 'n Afrikaanse kolonie in die noorde beoog het, het met die Portugese onderhandel met die oog op 'n Boere-nedersetting naby Maeequece. Afvaardigings is gestuur en die rapporte was so gunstig dat die trek dadelik georganiseer is, maar die botsende belange van die Portugese en die Engelse in die gebied wat blykbaar albei ewe gretig was om die Boere as 'n buffer teen mekaar[1)] en teen die inboorlinge te gebruik, het Martin genoop om met Rhodes en die B.S.A.Co. te onderhandel. Toe die trek van honderd-en-vier Afrikaners in April 1894 uit Fouriesburg vertrek het, was dit egter nie sonder daardie visioen by Martin van 'n selfstandige Afrikanergemeenskap benoorde die Limpoporivier nie. "'n Nuwe stadium van ons volksgeskiedenis is ingegaan wat te doen had dat 'n nuwe mylpaal ingeplant moes word vir die uitbreiding van ons volk, sowel op sedelike as Christelike gebied," het Martin opgesom.[2)] So besiel was hy met die nuwe vergesig dat daar by die trek se aankoms in Gazaland 'n gedenkteken, Ebenhaezer, opgerig is om te dien tot vergaderplek van die gemeenskap en hulle kinders waar na elke vyf jaar die trek herdenk kon word. Die Martin's het daarna verder noord as die Moodies getrek en die nedersetting wat later die naam Melsetter oorgeneem het, by die Chimanimani-berge aangelê.

Daarna bring die veteraan Ernst du Plessis wat reeds saam met Tom Moodie ingetrek het, weer twee keer trekke na Melsetter. In 1895 kom ook die Bekkers en Krugers wat ewe as Martin van voorneme was om in Portugese grondgebied te gaan woon, maar deur die koors en veesiektes verplig is om hulle na Gazaland te begeef.[3)]

Die laaste van die groot georganiseerde trekke na die oostelike distrik het plaasgevind onder leierskap van J.Steyn en J.Henry in 1895. Nadat die afgevaardigdes van die organiserende kommissie gunstige rapporte oor die landstreek uitgebring het, het die trek uit Kroonstad

1) Vgl. Walker: A History of South Africa, 429.
2) Verklaring van Martin uit Dagstukke, Vgl. Olivier: a.w. 62.
3) Olivier: a.w. 78 e.v.

begin, en met meer as honderd siele eindelik by die Moodies en Martins verbygetrek om langs die Umvumvumvurivier in "Noord"-Melsetter (Tandaai) plase vir hulle af te pen, waarvan die prys £30 vir 3000 morge vir 'n getroude man was.[1)]

Ander trekke het gevolg, sodat die oostelike deel van die land uitsluitend deur die Afrikaners bewoon was. Die gebied was egter so afgesonderd van die res van die land waar die administratiewe hoofde was, en die leiers, Moodie en Martin het so gou na hul aankoms die trekkers ontval dat die gemeenskap weens die koorssiekte en hongersnood onder die mense en die gevreesde ooskuskoors en runderpes onder die diere die ideale van 'n Afrikaanse staatjie moes laat vaar, terwyl sommige, reeds, verarmd en siek, elders 'n heenkome gaan soek het. Diè wat agtergebly het, het egter 'n volksvaste en volksegte eenheid gevorm.

Afrikaanse nedersettings het ook in die Mbezavallei tussen Umtali en Penhalonga, en te Makoni, Inyanga, ontspring, waar die stryd om te bestaan, maar 'n moeilike was.

vi. Na Matabeleland. Die geslaagde aanvalle van die blanke troepe op die impi's van Lobengula in 1893 het 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika veroorsaak[2)] en daartoe gelei dat 'n nuwe gebied, Matabeleland, tot die B.S.A. Co en die Britse Ryk toegevoeg is. Ook die nuwe Eldorado in die weste was by die Boere nie onbekend nie en baie het uit die suide sowel as uit Masjonaland daarheen beweeg. So vinnig was die Boere-toestroming na Mangwe, Bulawayo, Belingwe en omliggende streke dat toe die Matabele-Rebelle in 1896 uitgetrek het, 'n Boerelaer en 'n Afrikaner-korps onder aanvoering van Afrikaanse offisiere in Bulawayo met koele vasberadenheid en knapheid......"waardeur hulle aanspraak verwerf het op die hoogste bewondering"[3)], teen die Matabeles opgetree het. Maar toestande

1) Olivier: a.w., 87. e.v.
2) Walker: a.w. 437.
3) Preller: Grobler Moord, dl. 11, 186. Selous: Sunshine and Storm in Rhodesia, 59, 117, 173.

het daarna so versleg dat geen uitvoering gegee kon word aan die aanbod van die maatskappy wat sowel in Salisbury as in Bulawayo honderd erwe aan Afrikaners wou skenk nie.

vii. <u>Na Noord-Rhodesië.</u> Die Afrikanertrekke na Noord-Rhodesië het nooit die afmetinge van dié na die suidelike „Kolonie" aangeneem nie. Die gebied is as ongeskik vir blanke nedersettings beskou, en die enkeles wat dit wel gewaag het om hul permanente tuiste daar te maak, kon weens die gevaar van die tsetsevlieg geen boerdery op tou sit nie.

Met die aanbou van die spoorweg het die toestand vinnig verbeter en het baie Afrikaners wat met die konstruksiewerk gehelp of transport gery het, hulle mettertyd in die omgewing van Livingstone en Lusaka gevestig. Toe hy vasgestel het dat die klimaat nie so onuithoubaar was nie, het Piet Geldenhuys geprobeer om ander Afrikaners na die gebied te lok. In 1915 het ook Petrus Ferreira 'n trek daarheen gelei.[1)]

Die getalle het stadig toegeneem. 'n Paar Boere het selfs die Kongo-gebied ingetrek, waar by die saagmeulens van die Katangabosse werk in oorvloed was, en mettertyd 'n hele Afrikaanse gemeenskap ontwikkel het.

Nadat die kopermyne ontgin is, was die toestroming van Afrikaners na Noord-Rhodesië, byna ongeëwenaard. Die volksketting het al verder noordwaarts gestrek totdat dit uit Noord-Oos-Rhodesië aansluiting gevind het by 'n groep Afrikaners in Nyassaland wat alreeds baie jare daar werksaam was. Hulle was die sendelinge.

c. <u>Transportryers en Sendelinge.</u>

i. <u>Transportryers.</u> Voordat spoorverbindinge met die Kaap moontlik geword het, was die transportryers die slagare van die blanke gemeenskap benoorde die Suid-Afrikaanse Republiek. Sonder die voorrade wat deur die transportryers ingebring is, sou die blankes in Rhodesië nie kon bestaan nie. Die Boere wat met die wa en osse en trekpad so bekend was, het, soos begryp kan word, die belangrikste

1) Vgl. Die Huisgenoot: 26.6.1946, 47.

aandeel aan die vervoer van voedsel na die gebied gehad. In 'n byna onophoudelike stroom het hulle hul met hul vragte vanaf Mafeking of deur Limpopodrif na Salisbury, Bulawayo, Gwelo, Fort Victoria en Mazoe gehaas, waar goeie pryse op hul voorrade gewag het. Selfs lank nadat die treinspoor by die vernaamste dorpe langs gebou is, was die ossewa nog die enigste vervoermiddel tussen die groter dorpe en die buitedistrikte.

Petrus Ferreira wie se wa die eerste spore tussen Enkeldoorn en Gwelo getrap het, Magiel Oberholster wat die pad tussen Salisbury en Mazoe oopgery het, Jacob en Ponty van Niekerk, Thomas Bezuidenhout, Hendrik Vorster en Bennie Fourie die graanhandelaars, en talle van andere het hulle mettertyd aan die swaar maar eerlike wapad onttrek om hulle op plase in die verskillende distrikte vestig, maar nie voordat die huidige paaie van die Limpopo na Bulawayo en Mazoe, na Chimoio, Umtali en Melsetter aangevoor is nie.

ii. <u>Sendelinge:</u>[1] Afrikaanse sendelinge wat die draers was van die Van Riebeeckgedagte, het reeds in die neëntiger jare hul stasies in Njassaland, Masjonaland en Noord-Oos-Rhodesië gehad. So het byvoorbeeld S.P.Helm uit Banjailand die goeie reg van die Adendorff Trek beaam,[2] terwyl die sendingstasies 'n toevlugsoord gevorm het vir die trekkers in tyd van siekte of lye. So'n sendingonderneming het aanvanklik net bestaan uit die sendeling en miskien sy vrou en 'n blanke helper. Ander takke van die moederstasie is egter al gou gesoek en gestig, sodat die die sendelinge .. p met verloop van tyd deur hul onverdeelde trou 'n rigtinggewende gemeenskap vir 'n groot gedeelte van die blanke en gekleurde bevolking geword het. Nie slegs het hulle die Afrikaner vir sy volksbestemming wakker gehou nie, maar daar is ook deur hul skrywe na die suide baie persone beïnvloed om die nuwe geweste te gaan besigtig en te bewoon. Dit was ook die sendeling wat in 'n besondere mate daarvoor verantwoordelik was dat die kerk

1) Vgl. Hofmyer: Twintig Jaren in Zoutpansberg; Die Kerkbode, 1886 (...)
2) Preller: Grobler Moord, dl.11.153. Blok: Adendorff Trek, 43.

van die Afrikaner hom so gou na die vlaghysing te Salisbury in die welvaart van sy lede in die nuwe gebied geinteresseer het.

So het die jagters, die georganiseerde en ander trekke, die transportryer, handelaar en sendeling saamgewerk om die Afrikanerelement in Rhodesië in te bring. Veral die trekboer „wat die ware stigter was van die Beskawing en vooruitgang"[1] in die land, en wat die natuurdrif van die nasie gehandhaaf het, het die ideaal van Rhodes: „Hollandse Kolonisatie onder de Britse vlag",[2] verwesenlik, en die Afrikaanse volk in Rhodesië bestendig. Uit 'n volksoogpunt was die trekke nie een nutteloos nie, en al het dit by tye gelyk of die trekke 'n blyk van verbrokkeling en agteruitgang van die nasie was, was hulle inderdaad die middel om die volksvisioen in 'n werklikheid om te skep.

Dit sou nou die taak van die Afrikaanse kerk wees om toe te sien dat die volksideale in Rhodesië nie deur 'n sterker gemeenskap opgeswelg word nie.

## 3. DIE N.G.KERK IN RHODESIË TOT 1895.

### a. „Nederduits Gereformeerd". (N.G.)

Die benaming Nederduits Gereformeerd dui in hierdie verband aan die Kerk waartoe feitlik al die trekkers behoort het, en by die Engelse as die 'Dutch Reformed' bekend was, maar dui ook aan dat dit die spesifieke Afrikaanse (Dutch) kerk teenoor die Anglikaanse, Roomse en ander volksvreemde kerke was, en staan nie in teenstelling met die Nederduitsch Hervormde of die Gereformeerde susterkerke nie. Tensy anders vermeld, word met 'n N.G.-lidmaat bedoel ook 'n moontlike lidmaat van enige van die twee genoemde susterkerke[3] omdat bearbeiding deur hulle eers onlangs begin is, en hulle nie in 'n afsonderlike rubriek behandel word nie.

### b. Die Kaapse Sinode en die Eerste Afvaardiging, 1891.

Soos die inisiatief vir die Britse besetting van Rhodesië uit die Kaap gegaan het, so het ook die N.G.Kerk van daardie kolonie die eerste poging aangewend

---

1) Die Huisgenoot: 11.12.1936, 18.
2) Hofmeyr: Het Leven van J.H.Hofmeyr, 450.
3) Acta Synodi: 1897, 8.

om in verband met die kerklike aangeleenthede van die Afrikaners in Masjonaland op te tree. Die kontakte uit die Kaapkolonie was aanvanklik ook meer as die uit die ander ~~kolonies~~. Rhodes wat die B.S.A. Co. uit die Kaapkolonie gefloteer het en daar een van die politieke leiers was, het gemeen dat die nuwe gebied by die Kaapkolonie gevoeg sou word omdat dié reeds 'n toonaangewende Britse kolonie was. „The Cape Colony should claim to hold the keys of the interior,"[1] het hy gemeen. Dit het hy altans die Afrikanerbond laat verstaan en daarmee die ondersteuning van die Kaapse kerk en onder andere van ds. S.J.du Toit verkry.

Maar dit was veral deur die skrywe van die Buitelandse sendeling van die N.G.Kerk, Stephanus Hofmeyr[2] in verband met die behoeftes van sy werk in die Soutpansberg en van die Banjai oorkant die Limpopo dat, toe die trekbeweging in 1890 'n aanvang geneem het, die N.G.Sinode op die hoogte was of altans bewus was van die besondere probleme van Masjonaland.

Voor 1890 al is die Sinodale Buitelandse Sendingkommissie van die Kaap~~kolonie~~ deur die Sinode opgedra om ondersoek in te stel na en rapport uit te bring oor die lede van die N.G.Kerk wat hulle in Masjonaland bevind. In genoemde jaar is op die Algemene Sinodale vergadering dan ook die „Rapport van die Kommissie oor Masjonaland"[3] aan die Sinode voorgelê. Na aanleiding van die aanbevelinge daarin vervat is by daardie geleentheid besluit dat een of twee predikante so spoedig moontlik na Masjonaland gestuur sou word; dat die moderatuur opgedra word om die nodige manne te vind wat die werk op hulle sou neem; dat dié liggaam ook sou sorg dat wanneer die „gezondenen" terugkeer, hul plek deur ander aangevul sou word sodat die werk onafgebroke voortgesit kon word; dat aan die moderatuur volmag verleen sou word om ter bestemde tyd een of meer gemeentes daar te stig; en dat die koste aan die werk verbonde gevind sou word uit die milde gif wat Cecil Rhodes

1) McDonald: Rhodes: A Life, 101. Vgl. ook Hofmeyr: Het Leven van J.H. Hofmeyr, 451.
2) S.Hofmeyr: Twintig Jaren [illegible] Kerkbode, 3.11.86.
3) Acta Synodi: 1890, 34.

deur die B.S.A. Co. geskenk het(£200)[1] uit die Hulpbehoewende Gemeentefonds en uit vrywillige bydraes.

Aan dié „Opdrag van 5 November, 1890" het die moderatuur met graagte voldoen, en terstond di. A.J.S. Hofmeyr en G.W.Stegmann(jnr) benoem om die pionierswerk te onderneem.

As onthou word dat die eintlike besetting van die gebied eers op 12 September, dit wil sê sewe weke voor die sinodale opdrag plaasgevind het, kan 'n denkbeeld gevorm word van die aantal Afrikaners wat toe alreeds in die land was, en van die belangstelling van die Kerk in die Afrikaner in Masjonaland voor die „Pioneer Column" ooit daar aangekom het. Immers kan daar met 'n groot mate van sekerheid beweer word dat die Afrikanerjagters,-handelaars, -transportryers,-boere en ander saam nie minder in getal in die land as Engelse was nie. Die kloeke optrede van die Kaapse Kerk in dié verband strek hom in alle opsigte tot eer.

Die Moderatuur het die twee predikante en hul metgeselle A.W.Fourie en S.Luttig aangemoedig om so gou moontlik te vertrek.[2] Hul reis van die Suidpunt van Afrika na die hooglande van Salisbury het ook aan hulle die geleentheid verskaf om eerstehandse kennis op te doen van die toestand van die Kerk oor die hele pad soos hulle gereis het. Op die noordpos van die Kaapse Kerk, Mafeking, het hulle 'n diens vir die dertig lede van N.G.Kerk gehou en ook 'n Engelse diens vir 'n „zeer groote opkomst." Hulle het die vermaarde jagter Jan Viljoen op sy plaas in die Zeerust-distrik besoek en sy raad in verband met trekmoeilikhede waardevol gevind.[3] By Rhodesdrif aan die Limpopo het hulle op die geskil tussen die Adendorff-trekkers en Jameson afgekom. Alles was daar in rep en roer en manskappe het aan die Krokodilrivier gelê met die oog op die voorgenome trek van die boere; ook kanonne en ammunisie wat in alle haas met die oog op die aanval van die Portugese

1) Acta Synodi: 1897, 8.
2) Vgl. Dagboek-uittreksels, Ringsargief, Bulawayo.
3) Verklaring: H.W.Fourie. Ringsargief, Bulawayo.

na Manika gestuur was.[1] Deur middel van telegramme van "Onze Jan" Hofmeyr is hul deurtog egter sonder meer gereël.

Op pad na Salisbury het hulle by Simbabwe aangekom en seker die eerste N.G.Kerkdiens daar gehou. In Julie 1891 was hulle in Salisbury waar toe alreeds meer as vyfhonderd mense was en "behalwe waens en tente ook heelwat hutte van pale en grasdakke. Iedereen wou blykbaar dadelik 'n winkel open, skynbaar om oortollige goed te verkoop," het die leraars berig.[2] Benewens die militêre en staatsamptenare was daar reeds dienaars van die Engelse en Roomse Kerke, en dit was vir hulle bewys genoeg dat nieteenstaande die vinnige optrede van die "Hollandse" kerk, hulle tog "agter" was.

Die dienste wat hulle gehou het, is goed bygewoon deur blank en gekleurd. "Aangenaam was het om te zien hoe het gekleurde volk uit de Kolonie de Zondagdiensten, zoo de Engelsche als de Hollandsche, en dikwijls ook onze gewone huisgodsdienste bijwoonde."[3] Die leraars het dan ook tot die besluit gekom dat bearbeiding deur die "Hollandse" kerk onder wit en swart 'n dringende vereiste was, veral aangesien 'n Engelse biskop en Roomse nonne alreeds tot ver in Manikaland hul eie kerke verteenwoordig het. Dr. R.Harris, sekretaris van die B.S.A. Co., het aan hulle voertuie na die omliggende distrikte en goudmyne verskaf,[4] en hulle het tot die slotsom gekom dat 'n groot delwersbevolking eerlang die land ingelok sou word, en daarmee weer sou markte verseker word vir die boere wat op die uitnemend-geskikte streke die landbou en veeteelt kon beoefen.[5]

Op hul terugreis is ds. Stegmann oorlede en daarmee het nie alleen die N.G.Kerk 'n bekwame man verloor nie, maar het dit ook gelyk of die Kerk in Rhodesië

1) Kerkbode: 30.7.91.
2) Kerkbode: 20.10.91.
3) idem. Vgl. Kerkbode: 1891, 202.
4) Vgl. Kerkbode: 15.4.1891.
5) Kerkbode: t.a.p. du Toit: Rhodesia, 7,8.

'n knou toegedien is, aangesien geen leraar gevind kon word om daarheen te gaan nie. Dit ly geen twyfel nie dat met sy belangstelling en kennis hy die aanbevelinge van hul kommissie tot die letter sou uitgevoer het nie.[1]

In die aanbevelinge[2] het hulle voorgestel dat indien die moderatuur tot 'n arbeidsveld sou besluit, twee leraars gestuur moes word: Een na Salisbury en een meer ooswaarts. Die werk sou nie later as die daaropvolgende jaar begin kon word nie. „Mense gevul met die Heilige Gees, met Wysheid en besiel met geesdrif, met 'n ruim hart en aanpassingsvermoë.", was nodig.

Die sending het ook onmiddellik aandag vereis, anders sou die ander kerke die veld beset. Daarom het hulle aanbeveel dat ds. S.Helm[3] nie as sendeling eerw. Louw te Morgenster moes gaan help nie,[4] maar onder die Masjonas moes gaan arbei waar hy ook die vernaamste werk onder die blankes kon verrig totdat hy die taal magtig was. Dit was, het hulle gemeen, noodsaaklik dat waar Afrikaners gevestig raak, ook die naburige inboorling stamme bearbei moes word, om sodoende latere moeilikheid te voorkom. Die voorstel was 'n goeie omdat daarmee weer beklemtoon is die besondere roeping van die Afrikaner en sy kerk, en ook omdat dit vir die Afrikaners in Salisbury veral baie sou beteken het om 'n geestelike leier onder hulle te hê. Die sendingkommissie het egter op daardie oomblik nie hul weg oop gesien om die voorstel sonder meer uit te voer nie.

Die B.S.A. Co. het die afgesante verder meegedeel dat erwe vir 'n kerk en pastorie vir die N.G. Kerk in elke dorp beskikbaar sou wees. „The Custom of your people to have a private outspan place near the church will also be remembered and provided for in the survey,"[5] het die sekretaris beloof. Waar ook al 'n groep boere op die platteland 'n klein dorpie wou vorm, sou vir

---

1) Verklaring: H.W.Fourie.
2) Handeling van die Sinodale Kommissie, 1892.
3) Kerkbode: 8.4.1887.
4) Kerkbode: 15.4.1891.
5) Handeling van Sinodale Kommissie, 1892.

hulle dieselfde voorsorg getref word. Ook vir skole, biblioteke en hospitale is voorsiening gemaak, en volle ondersteuning aan die sendingwerk van die N.G.Kerk toegesê.

Die aanbevelinge wat met „dank deur die kommissie en later deur die Sinode (1894) aangeneem is, het gespreek van deeglikheid en erns. Dit het die moderatuur ook gevoel en daarom kon geen uitstel gedoog word nie. As die behoeftes in 1891 al so dringend bevind is,[1] was dit duidelik dat aangesien georganiseerde en ander trekke in 1892 op groot skaal Rhodesië binnegetrek het, die toestand toe baie ernstiger moes geweeos het. En om dit nog te vererger, kon in daardie jaar, 1892, geen persoon gevind word wat gewillig was om na Rhodesië te gaan nie. Die pleidooie en oproepe van ds. Hofmeyr en die moderatuur was tevergeefs. Dit het 'n situasie geskep wat vir sover dit bearbeiding van gebiede buite die Kolonie se grense betref, om verandering in die kerklike bepalinge in verband met die beroepstelsel gevra het. Toe, soos in die jare wat gevolg het, is deur die afwesigheid van leraars onberekenbare skade aan die voorposte van die volk gedoen.

Intussen, terwyl die „geestelike behoefte van die landgenote onvervuld gebly het,"[2] is geprobeer om deur kollektes die koste verbonde aan die afsending van 'n leraar te dek, „opdat alzoo, niet al zuchtend maar met vreugde aan onze ver verwijderde en geestelijk zoo hulpbehoevende zonen en broeders in Masjonaland gearbeid kan worden."[3]

c. <u>Ds. Paul Nel, 1893.</u>

Ook die Buitelandse Sendingkommissie het hom beywer om 'n evangeliedienaar in die plek van ds. Helm te vind. Toe derhalwe niemand op die versoeke van die kerklike kommissie gereageer het nie, is 'n kandidaat wat hom aan die kweekskool vir die sending wou bekwaam, deur bogenoemde sendingkommissie by die moderatuur aanbeveel, „vanwege het belang der roeping en haar innige eenheid met

1) Vgl. Kerkbode: 8.5.1891.
2) Versla g: Assessor Synodi 1891. (Hand, van die Sin.Kom.)
3) Handelinge: Sinodale Kommissie, 1892.

die Zending." Die proponent, Paul Nel, sou 'n paar jaar lank altans die belangrike werk van evangeliebediening onder die blanke geloofsgenote in Mashonaland onderneem.[1)]

Proponent Nel is in April 1893 te Stellenbosch onder blyke van groot belangstelling tot eerste N.G. leraar van Masjonaland georden, en hy het dadelik na sy nuwe „gemeente" vertrek.

Op Fort Tuli[2)] het hy net sewe huisgesinne met vier-en-twintig kinders, wat tot die N.G.Kerk behoort het, aangetref. Die Afrikaanse offisier-in-bevel, Kommandant P.Raaff, wat net so verheugd soos die ander lede was toe verneem is dat 'n „gevestigde" predikant nou onder hulle verkeer het, het dadelik „alle geriewe tot sy beskikking geplaas."

Daar het Ds. Nel ook die later so algemene verskynsel teëgekom dat die doop, aanneming en huweliksbevestiging van N.G.Kerklede deur ander kerke behartig is. „Men zei mij...wij willen niet onze kinderen ongedoopt laten, derhalwe moeten wij tot ander leraars gaan."[3)] En wat met betrekking tot die doop gesê is, was ewe waar van die huwelik.

Op pad na Fort Victoria het ds. Nel verskeie transportryers teëgekom, maar dit het hom ook getref dat klompies boere reeds weer besig was om die land te verlaat omdat die koors en verlies aan vee of plase - wat hulle nie permanent geokkupeer het - hulle moedeloos gemaak het. Op die dorpie self was die neëntien persone by sy diens te min om enige besluit in verband met die bou van 'n kerk of die stigting van 'n gemeente te neem.

Na vrugbare samesprekinge met eerw. A. Louw en ds. S.Helm het hy na Charter vertrek waar op W.Bezuidenhout se plaas 'n diens gereël is. Al was daar net vyftien persone teenwoordig, was dit vir hom duidelik dat die distrik die middelpunt van sy werksaamhede sou word,[4)]

---

1) Handelinge: Sinodale Kommissie, 1893. Brief Assessor Synodi: 9.12.1892.
2) Kerkbode: 7.7.1893.
3) Kerkbode: 7.7.1893.
4) Kerkbode: t.a.p.

aangesien feitlik al die bewoners in die omtrek Afrikaners was, nog baie meer op die punt gestaan het om daarheen te vertrek, en die administrasie voornemens was om daar 'n dorp aan te lê. Hy het die lae sterftesyfer en min koorsgevalle toegeskryf aan die feit dat die meeste mense behoorlike wonings gehad het.

Vanaf Salisbury[1)] het hy die moderator meegedeel dat, hoewel die Roomse en Engelse Kerke die N.G. Kerk wat opvoedings- en hospitaalfasiliteite betref, voor was, die veld in baie opsigte nog braak gelê het. Daarom het hy aanbeveel dat 'n kerk en 'n klein pastorie so gou moontlik in die "hoofstad" gebou moes word, omdat hy van plan was om uit Salisbury sy werk te behartig. Daarbenewens het hy gemeen dat twee predikante nodig was om die land te bearbei; een in die dorp en 'n ander by afwisseling in die buitewyke. Dit was die enigste plan om die werk in die land goed te doen. Volgens die parochiale stelsel ingedeel, was Fort Charter die ander middelpunt en daar het die mense reeds planne vir 'n kerk en pastorie teen omtrent £600 gekoester.

Ds. Nel het aangedring dat die moderatuur hom dadelik magtig om met die bou van die kerk te begin. Die Afrikanerjongmanne, wat geestelik en maatskaplik geen bearbeiding geniet het nie, het alreeds baie agteruitgegaan want die hele "stroom" van die land was daarop gerig om die sedelikheid te ondermyn. Hy het verbaas gestaan om te sien hoeveel in die land gedrink en gedobbel word, - 'n natuurlike gevolg waarvan was dat die "gruwelikste vloekwoorde en vuilste taal" wat hy nog ooit in sy lewe gehoor het, gebesig was. "Men spreekt hier van "Whiskey Fever" tegenover het gewone koorst, en waarlijk ik wil gelooven dat er meer menschen in het land omkomen als gevolg van Whiskey dan eigenlijk de gewone koorts."[2)]

Met sy warme belangstelling in die opvoedingswerk sy entoesiasme om die lede georganiseerd te kry,

---

1) Kerkbode: 11.8.1893.
2) Kerkbode: 7.7.1893. Vgl. Hofmeyr: Twintig Jaren in Zoutpansberg, 218.

en sy begeerte om aan die geestelik-hongeriges en - verstrooides die heilsboodskap te bring, was ds. Nel die ideale persoon om 'n kragtige voorwaartse stoot aan die Afrikanerelement in Masjonaland te gee. Maar sy planne vir 'n kerk te Salisbury sou ruim vyftien jaar vertraag word.

Die Matabele-oorlog wat in Oktober 1893 uitgebreek het, het meegebring dat al die weerbare mans opgekommandeer is. Ook die Afrikaners moes uittrek op die veldtog. (Dit was immers by die „Dutchmen" by wie Jameson raad in verband met die sterkte van sy leër gaan soek het).[1] Te Salisbury het daar net een Afrikaanse huisgesin oorgebly, en selfs ds. Nel se pogings om 'n Engelse diens te hou, het misluk. Daarop het hy besluit dat beter werk miskien in die leër gedoen kon word en het hy sy dienste aangebied as kapelaan vir 'n Boerekommando as die op die been gebring sou word. Dit het nie gebeur nie, en hy reis vervolgens af na Fort Victoria en Tuli. Op laasgenoemde plek was daar weer geen lid van die N.G.Kerk nie. Kommandant Raaff was reeds by die hoofkommando waar hy hom allerweë onderskei het,[2] en later as bevelvoerende offisier die manskappe wat onder Forbes was, na veiligheid gelei het,[3] waarna sy skielike dood[4] vir volk en kerk in Rhodesië 'n groot verlies meegebring het.

Na oorlegpleging met eerw. Louw en ds. Helm het Nel aan die moderator berig dat die paar verspreide families sy teenwoordigheid in die land nie regverdig nie. „Voor moeijlijkheden en ontberingen in het werk geef ik niet om, doch waar daar geen werk is, gaat het toch niet om te blijven."[5] Hy het verder aangevoer dat niemand geweet het hoe lank die stryd nog sou voortduur nie; en dat, indien die Matabeles oorrompel word, Bulawayo baie meer van die emigrante sou trek, omdat die spoorweg reeds vanaf Vryburg na Bulawayo in aanbou was. As dit die geval sou wees, sou die leraar eerder daarheen gestuur moes word, en

1) Vgl. Colvin: The Life of Jameson 1, 259.
2) Preller: Grobler Moord, dl.11, 108.
3) Du Toit: Rhodesia, 147.
4) Colvin: The Life of Jameson, 1, 292.
5) Kerkbode: 27.10.1893.

dit sou syns insiens, nie voor die winter van 1894 of eers in 1895 kon geskied nie. „Tijdelijk moet het werk gestaakt worden hier- daar is niet aan te twijfelen-"[1] het hy opgesom.

Teen wil en dank het die ywerige leraar die land teen die einde van 1893 verlaat - voordat sy werk nog eintlik begin het. As hy natuurlik geweet het dat die oorlog van so'n korte duur sou wees, sou hy gebly en daarmee die Afrikaner deur die moeilike tyd na die oorlog en in hul toestroming na Bulawayo tot onskatbare diens kon gewees het. Maar weer het dit die Afrikaanse gemeenskap ongelukkig getref. Toe die nuwe landstreek ge-open was, was daar andermaal geen leier of verteenwoordiger van die kerk na wie die Afrikaners kon opsien nie. Ruim twee jaar later eers sou die N.G.Kerk die administrasie in Matabeleland nader met die oog op kerk- en skoolgeriewe..

Intussen het die Boere uit alle dele, ook uit Masjonaland, na die verowerde gebied gestroom. Die kommissie wat moes toesig hou oor die „Evangeliebediening in Masjonaland" moes nou ook Matabeleland vir sy rekening neem, en as dit in 1892 onmoontlik was om een leraar te kry, sou dit dubbel moeilik wees om in 1894 die drie of vier wat nodig was, te oorreed om hul dienste aan te bied. 'n Ander moeilikheid wat soos die swaard van Damokles oor die hoof van die moderatuur gehang het, het hom nou en byna veertig jaar lank daarna voorgedoen. Dit was naamlik die voorsiening in die geldelike behoeftes van die leraars van die land. Reeds vanaf die eerste afvaardiging was daar al 'n tekort wat uit die Hulpbehoewende Gemeentefonds aangevul moes word, en daar was alle tekens dat die uitgawe in die vervolg verdubbel sou moes word, aangesien bogenoemde kommissie rapporteer het dat daar teen 1894 duisende siele, „soos skape sonder 'n herder" op leiding wag, en vir die Sinode nog net so'n verantwoording was as op die „gedenkwaardige 5 November 1890."[2]

Die jare 1893-1895 het, soos reeds gemeld,

1) Kerkbode: 27.10.1893.
2) Acta Synodi: 1894, 74,

ook die periode van groot Afrikanertrekke na „Rhodesië" ingelei. In Masjonaland was daar nie veel meer as sestig lidmate nie, maar in Bulawayo was nagenoeg vyfhonderd, en nie veel minder in die ander twee distrikte, Charter en Gazaland saam nie. Voor sy vertrek uit die Vrystaat het M.Martin, leier van die Martin-trek, reeds met dr. Andrew Murray die geestelike behoeftes van die trekkers bespreek, en die oortuiging dat die getalle 'n leraar regverdig, het hy in Oktober 1894 in 'n brief aan die moderator herhaal. Voorlopig sou hulle hulle op die weldadigheid van die Kaapse Kerk moes werp en het hy versoek dat dié hulle nie verstoke moes hou van die voorregte waarin „die suide so ruimskoots gedeel word nie." Na sy aankoms in Gazaland het Martin dus die moderatuur om 'n leraar gevra. Hy het aangetoon dat die Amerikaners 'n sendingstasie te Mt. Silinda, dertig myl van hulle af, geopen het, en dat dit dringend noodsaaklik was dat ook 'n blanke sendeling, bygestaan deur 'n gekleurde evangelis onverwyld in belang van die N.G.Kerk in Gazaland aangestel moes word.[1]

d. Ds. P.A.Strasheim en die Stigting van Gemeentes. 1895.

Nadat die sinode in 1894 die hele kerklike aangeleentheid van Rhodesië bespreek het en die moderatuur weer tevergeefs na 'n gewillige leraar gesoek het om die lidmate van die N.G.Kerk in daardie gebied[2] op te soek, het ds. P.A.Strasheim eindelik sy dienste aangebied - „moved to compassion to see them wandering about full of spiritual and temporal infirmities."[3] Sy taak sou wees om die moderatuur op die hoogte te hou van wat in die land gaande was, gemeentes te stig, en „voorts alles te doen wat sy hand gevind het om te doen en wat tot troos en bemoediging van die lede van die N.G.Kerk sou strek."[4]

Voor sy vertrek[5] het hy 'n oproep om fondse vir die „Matabele-kas" gedoen, en kerkrade versoek om

---

1) Kerkbode: 3.1.1895.
2) Kerkbode: 5.2.1895.
3) Strasheim: In the land of Cecil Rhodes, 6. Kerkbode: 7.3.1895, 14.3.1895.
4) Strasheim: a.w., 11.
5) Kerkbode: 11.3.1895.

hom van lede uit hul gemeentes wat na Rhodesië vertrek het, te verwittig. Verder het hy die belangrike stap gedoen om 'n sendeling-onderwyser, eerw. J.G.Groenewald, saam te neem om in die onderwysbehoeftes te voorsien, om die samekomste te onderhou of te gaan waar die leraar verhinder sou word.

Die twee here het ook eers Fort Tuli besoek waar niemand behalwe eerw. Groenewald en sy bediende by die diens teenwoordig was nie. Op Fort Victoria[1] was die veertig lede by die diens egter baie ywerig om met die werk te begin. Die dominee het dadelik aansoek om drie kerkerwe gedoen, terwyl die onderwys voorlopig in die hande van eerw. en mevr. Louw van Morgenster gelaat is aangesien hulle reeds 'n skooltjie met vier-en-twintig kinders aan die gang gehad het. Die moontlikheid om tot die stigting van 'n gemeente oor te gaan, het hy met die manslidmate bespreek, maar die algemene gevoel was dat toestande te onseker was, en dat eerw. Louw gevra moes word om die eerste Sondag van elke maand 'n diens op die dorp te hou en te katkiseer - 'n versoek waaraan voldoen kon word aangesien hy alreeds onder die inboorlinge op die dorp gearbei het.

Ds. Strasheim het daarna in „Charterland" op die plaas van W.F.Potgieter 'n diens gehou, nagmaal en die doop bedien, en 'n geskikte plek vir 'n dorps- of gemeenteaanleg onder die mense wat so verspreid was, bespreek. Voordat tot die stigting van 'n gemeente oorgegaan is, het die dominee besluit om eers na Bulawayo af te reis waar hy moontlik die Administrateur sou kon spreek.

Daar het hy 'n volledige uiteensetting van sy planne aan dr. L.Jameson voorgelê,[2] en is aan hom kerkerwe in die dorpe en ondersteuning vir minstens vyf skole belowe. 'n Behoorlike memorandum is opgestel,[3] en op 6 September 1895 het ds. Strasheim die eerste Afrikaanse gemeente noord van die Limpoporivier gestig, met omtrent

---

1) Notule: N.G.Kerk Fort Victoria, 2,5.
2) Strasheim: a.w.,57.
3) Kerkbode: 15.9.1895.

tweehonderd-en-vyftig siele. 'n Kerkraad is saamgestel, die kerklike leges soos van toepassing op die Kaapse Kerk goedgekeur, en reëlings in verband met die gelde getref. Hy het langer vertoef om te sien hoe die fondamente van die eerste N.G.Kerkgebou wat ook tot skool sou dien, in Rhodesië gegrawe is. Daarna het hy eerw. Groenewald „in bevel" gelaat [1] en na die onbekende Gazaland vertrek.

Hy het weer op Charter 'n diens gehou en instruksies om 'n gemeentevergadering te belê, gegee. Daarna is hy na Umtali waar hy vir die transportryers en 'n paar ander 'n diens onder 'n bokseil gehou en drie kerkerwe op die naam van die N.G.Kerk getransporteer gekry het. Eindelik het hy na 'n reis vol awonture begin Oktober op die plaas van M.Martin aangekom. Op 'n gemeentevergadering wat op 12 Oktober 1895 te Dunbarton gehou is, het hy offisiëel oorgegaan tot die stigting van die tweede gemeente, Melsetter, wat in drie wyke, Noord-Middel-en Suid-Melsetter, verdeel is. [2]

Vandaar is hy na Salisbury. Op pad daarheen het hy heelwat Afrikaners teëgekom maar, hoewel die dertig lede by sy diens in die hofsaal die waarborg vir die salaris van 'n predikant geteken het, het hy nie 'n gemeente gestig nie, en verklaar dat 'n leraar liewer die volgende jaar beroep sou kon word. [3]

Vervolgens het hy op Charter die gemeente Umyati gestig, [4] en daarna Fort Victoria. [5] Hy is terug na Bulawayo waar 'n „algemene kerkvergadering" belê is, waarheen elke dorp of gemeente twee afgevaardigdes sou stuur met die doel om vir Rhodesië 'n leraar te beroep. Toe die afgevaardigdes dan ook op 2 Desember 1895 bymekaargekom het, is 'n nuwe mylpaal in die Afrikaanse gemeenskap bereik deurdat dit die eerste verteenwoordigende vergadering van die hele bevolking was. Daar was 'n baie sterk gevoel om eenheid onder die Afrikaners te verkry, en al die

1)Vgl. Notule: N.G.Kerk Bulawayo, 10.11.1895.
2)Notule: N.G.Kerk Melsetter, 1. Strasheim: a.w., 83.
3)Kerkbode: 1896, 114, Strasheim: a.w., 90.
4)Notule: N.G.Kerk Enkeldoorn, 1. Strasheim: a.w., 83.
5)Kerkbode: 1896, 114. Strasheim: a.w., 100.

afgevaardigdes was oortuig dat daar niemand meer geskik was om die eenheid te bewerkstellig en te bewaar as ds. Strasheim nie, en op hom is eenparig 'n beroep uitgebring. Vir almal daar was dit 'n groot teleurstelling toe die dominee vir die beroep bedank en sy voorneme om na die Kaap terug te gaan, te kenne gegee het. Baie van die „afgesante" het onder moeilike omstandighede die lang reis onderneem, en dit is onwaarskynlik dat hulle weer binnekort bymekaar sou kon kom. Hulle moes onverrigtersake na hul gemeentes terugkeer. Weer was die Afrikaners sonder 'n leier in 'n land waar elke gemeente nie maar na die beste van sy vermoë kon voortsukkel en dan hoop om daarmee 'n gesonde kerk en nasionale gevoel te ontwikkel nie. Dit was juis die toestand wat ds. S.J.du Toit op sy besoek as so gevaarlik beskryf het......„the danger which threatens our people that they would be lost not only to our church but also to our nationality."[1)]

Ds. Strasheim het hom egter nie heeltemal onttrek nie, maar nadat hy sy aanbevelinge aan die moderatuur voorgelê het, het hy hom beywer om nog 'n paar sendelingonderwysers „van die gehalte van broeder Groenewald" te beweeg om Rhodesië hul arbeidsveld te maak.

Drie gebeurtenisse het egter byna al sy planne laat skipbreuk ly. Die eerste was die inval van Jameson in Transvaal aan die einde van daardie jaar waarin die verwagtinge van die Afrikaanse gemeenskap juis op hoog opgevlam het en soveel gemeentes binne bestek van 'n maand of twee gestig is. Daar kan aangeneem word dat geen Afrikaner in Rhodesië bewus was van die geheime komplot van die Britse kapitaliste in Johannesburg nie. Immers het die president van Transvaal self nie verwag dat die „skilpad" op dié manier sy kop sou uitsteek nie.[2)]

1) Du Toit: Rhodesia, 166.

2) Die verklaring (20.6.1939;) van mnr. J.F. M.Oosthuizen wat sedert 1893 in Bulawayo gewoon het, het die toedrag van sake getipeer. „Jameson het die Boere hier vertel toe hy hulle probeer beweeg het om deel te neem aan die tog, dat die plan was om 'n „depot" te stig naby Pitsa-

Benewens die agterdog wat teenoor die Boere na die voorval gekoester is – „we never forgive those whom we have injured"-[1] het dit die eerste wig plaaslik tussen die twee blanke seksies ingedryf,[2] want die aanval was nie net teen die Transvaal gemik nie, maar teen die Boere-nasie. Die Afrikaner-party in die Kolonie het gemeen dat die uur daar was dat die hoeksteen van 'n waarlik verenigde Suid-Afrika „op die bodem van 'n suiwer en omvattende nationale gevoel" gelê moes word. „Die dolksteek waarmee daar gepoog is om die Afrikanerdom vir goed in die Republiek te verlam, het 'n elektriese skok na die nasionale hart gestuur," was die mening van „Ons Land."[3] „Heden is de Suid Afrikaans Natie geboren" het 'n „voorname Suid-Afrikaanse rechter" die gevolg van die Inval beskryf.[4]

1) Froude: Oceana, 35.
2) Kerkbode: 16.9.1896. Vgl. Colvin: a.w., 55 - 84.
3) Reitz: Eeu van Onreg, 27, 28.
4) Vgl. J.Hofmeyr: a.w., 552.

---

bls. 33.

ni-Makloekie (Pithlugo). Oujaarsdagaand 1895, kom ek in Bulawayo en eet saam met 'n paar Engelse in 'n „hotel". Daar hoor ek toe die eerste woord van die doel van Jameson se tog, naamlik om Transvaal in te trek.

Een Engelsman sê: „Oormôre waai die Britse vlag in Pretoria."

„Wanneer is hulle oor die grens?" vra ek.

„Vannag!"

„Dan sal die Britse vlag al môre waai!"

„So gou, dink jy?" sê die Engelsman.

„Ja man, hulle witvlag!" was my antwoord.

Toe wou die Engelse my net maak en breek.[1]

1) Ringsargief, Bulawayo. Vgl. Ook Preller: Grobler-Moord, dl. II, 173, J. Hofmeyr: a.w., 538.

Dit was daarom te begrype dat toe die Kolonialers en ook lede van die N.G.Kerk agtergekom het hoeveel skuld Rhodes aan die invalspoging gehad het, en dat hy nog altyd die Afrikanerbond gebruik het bloot om vir hom die simpatie van die Afrikaanse seksie te verseker, daar 'n algehele wegbreking van hom en sy planne in die noorde was.[1] Daarom het daar ook 'n merkbare verflouing in die belangstelling van die Kaapkolonie in die Afrikaners in Rhodesië ontstaan. Op die kritiekste oomblik seker het die morele ondersteuning begin afneem, en daarmee ook die aandag wat aan die gemeentes moes geskenk word. Daardie volgende vyf tot ag jaar was vir die Afrikaners en vir die N.G.Kerk 'n tyd van beproewing waarvan die stremmende gevolge kerklike ontwikkeling jare lank vertraag het - immers het die Jameson-inval, volgens Sir Hercules Robinson, die saak van die beskawing van die hele Suid-Afrika 25 jaar agteruit geskuif.[2]

Die daaropvolgende twee gebeurtenisse in Rhodesië het egter weer gedien om gemoedere te kalmeer en Afrikaner en Engelsman, in die noorde altans, nader aan mekaar te bring. (1) Eerstens het die Matabeles in opstand uitgebreek nadat hulle verneem het van Jameson se inhegtenisneming. In die buitewyke van Bulawayo is die meeste blankes vermoor voordat 'n laer in die dorp saamgetrek kon word. Onder aanvoering van kaptein Ponty van Niekerk en ander offisiere het die Afrikaner-korps wat uit nagenoeg tweehonderd man bestaan het, uitstekende dienste bewys "wat die wêreld kon toon die volkome broederskap van die beide rasse in Rhodesië."[3] Egter is meer as tweehonderd-en-sewentig mans, vroue en kinders vermoor voordat die opstand gestuit is. Onder die vermoordes was talryke Afrikaners van wie sommige heel in die begin deur die Matabeles oorrompel is, soos die Ross- en Fouriefamilies wat elf getel het.[4]

1) Vgl. J.Hofmeyr: a.w., 550 e.v.
2) idem: 532.
3) Preller: Grobler-Moord, 186.
4) Preller: a.w. 189; Selous: a.w., 240.

(2) Terwyl daar uit alle oorde teen die Matabeles na Bulawayo opgeruk is, het die Masjonas in Junie 1896 die voorbeeld van hul eertydse onderdrukkers gevolg en in Salisbury, Enkeldoorn, Umtali en omstreke die blankes aangeval. Laasgenoemde het almal in laers probeer saamtrek, maar nie voordat verskeie blankes die lewe ingeskiet het nie. Die boere van die Enkeldoornse distrik veral het hulle dapper verdedig en daar is weer bewys gelewer van die onverskrokkenheid van die Boerevrou soos byvoorbeeld toe die Bester- en Botha families onverwags oorrompel is.[1] Patrollies is uitgestuur en dit het ruim 'n jaar geduur voordat die land eindelik weer algehele vrede beleef het.

Die laerlewe het die boere baie verarm, want alles op die plase is verniel, en toe eindelik weer begin moes word, het 'n nuwe plaag, die runderpes, die land getref. Dit het veral sterk gewoed in die oostelike distrikte, Melsetter en Umtali, waar die naturelle-moeilikhede die boere in 'n mate bespaar gebly het. Daar was feitlik geen osse vir transportry of om voedsel te vervoer tussen Chimoio, Melsetter, Umtali en na Salisbury nie. Omdat dit op die plase nie so voorspoedig gegaan het nie, het heelwat boere uit Chipinga en Melsetter hul op transportry toegelê, en weens die vrekte van die vee is hulle dus van hul belangrikste bron van inkomste beroof. Hongersnood het die Gazalanders begin teister, en toestande van die uiterste armoede het op die platteland geheers. Daarbenewens het sprinkane die oeste van die boere wat nog kon saamspan om 'n ploeg in die grond te steek, afgevreet. Van die inboorlinge kon geen voedsel geruil word nie; omdat dié vir eie gebruik skaars genoeg gehad het. Verder kon tydens die reënseisoen nie deur die vol rivier voedselware vanaf Chimoio gedra word nie, en daarby het die koors onder die gemeenskap toegeneem.[2]

Martin het die sorgbarende toestand onder

1) Preller: a.w., 192,293; Thompson: Rhodesia and its Government, 213, 214.
2) Vgl. Olivier: a.w., 108 e.v. B.S.A.Co Reports, 1896, Kerkbode, 18.4.1896

die aandag van die moderatuur gebring, en dié het ds. Strasheim versoek om met die geld wat ter leniging van die noodtoestand in Gazaland ingesamel is, voedsel te koop en te oorhandig. Dié „vader van die gemeentes in Rhodesië" het eindelik daarin geslaag om nog twee sendelingonderwysers te kry en hulle drie het per boot na Beira afgereis. Vandaar is hulle na Melsetter waar die voedsel uitgedeel is.[1] Een van die sendelinge, P.L.le Roux, sou in Melsetter agterbly terwyl die ander, A.J.Liebenberg, na Enkeldoorn sou gaan.

Ds. Strasheim is tot in Umtali saam met Liebenberg, maar weens die Masjona-opstande kon hy hom nie verder vergesél nie.[2] Liebenberg kon ook nie na Enkeldoorn vertrek nie,[3] omdat dit te gevaarlik was en baie gesinne uit daardie distrik toe juis in Salisbury in die laer was.

Die sendelinge was egter nie georden nie, en ds. Strasheim het gemeen om hulle albei na Umtali te laat kom vir dié geleentheid. Toe eindelik toestemming van die Moderator daartoe verkry is, was dit onmoontlik vir Le Roux om die vol rivier deur te kom. Liebenberg het na Umtali afgereis waar hy georden is, dog dit kon met Le Roux eers 'n jaar later in die Kolonie geskied, die Melsetter-gemeente het dus gedurende daardie kritieke jare tog nog geen persoon gehad wat die doop of die nagmaal kon bedien nie, en verlof moes aan die Amerikaanse sendeling van Mt Silinda verleen word om die Sakramente te bedien.[4]

Strasheim is terug na die Suide vanwaar hy egter nog steeds die belange van die N.G.Kerk in Rhodesië probeer behartig het.[5] In September 1896 het hy weer £100 vir kos gestuur, en is deur die moderatuur versoek om per korrespondensie die kerklike aangeleenthede in Rhodesië te reël.[6] Dit het hy dan ook met ywer gedoen tot aan sy dood twee jaar later. Met sy afsterwe is die sterke skakel tussen die moederkerk en Rhodesië verbreek.[7]

---
1) Notule: N.G.K. Melsetter, 8.6.1896. Kerkbode: 23.7.1896.
2) Kerkbode: 17.10.1896.
3) Kerkbode: 7. 7.1897.
4) Notule: N.G.Kerk Melsetter, 5.10.1896.
5) Acta Synodi: 1897, 8.
6) Idem. Olivier: Pionier-trekke, 120-126.
7) Vgl. Kerkbode: 3.4.1899.

laer te Salisbury vertoef, waar die toestand van meeste Afrikaners van gebrek gespreek het.[1] By die eerste geleentheid wat hom voorgedoen het, het hy na die laer op Vaalkop (Charter) vertrek waar hy met sy gemeentewerk begin en op versoek van Rhodes 'n gemeentelike aanleg uitgesoek het. Sy keuse het geval op die plek waar die laer was en Rhodes het die plaas gekoop en aan die boere oorhandig. Tot die naam Enkeldoorn is besluit en met die kerk en skoolgebou is dadelik begin. Teen die einde van Desember 1897 was die onderwys en gemeentewerk in volle gang.[2]

Eerw. Groenwald te Bulawayo was gelukkig om sy suster te kry om met die onderwys te help terwyl hy hom meer op die gemeentewerk toegelê het. Maar ook hy moes kla dat die fondse te min was om haar daar te hou en dat baie boere so verarm het dat die B.S.A.Co. hul reisgeld terug na Pretoria en elders moes betaal.

Hoewel die sinode besluit het dat 'n leraar vir Rhodesië so gou moontlik „aangestel" moes word,[3] en die sendelinge dus vry sou wees om die onderwys waar te neem, kon dié nie gevind word nie. Intussen moes die sendelinge maar voortgaan met die werk onder jurisdiksie van die moderatuur en nog twee lede.[4]

Dit het teen 1899 met die meeste inwoners van die land beter gegaan. Die boere het hulle by klimaatsomstandighede aangepas, en meer voorbehoedmiddels teen die koorssiektes gehad. Maar toe het runderpes in die distrik Enkeldoorn uitgebreek en 'n nuwe vlaag van armoede het die land bedreig. Daarop het die ramp van die Tweede Vryheidsoorlog gevolg. Baie Afrikaners het by die republikeinse magte aangesluit (die meeste Moodies byvoorbeeld) en nie weer na Rhodesië teruggekeer nie. Dit het die kloof tussen die twee seksies in die land baie verbreed en ook daartoe gelei dat Rhodesië van die Kaapkolonie vervreemd geraak het en die karakter van 'n suiwer Britse ko-

---

1) Kerkbode: 16.7.1896. 17.10.1896.
2) Notule: N.G.Kerk Enkeldoorn, 2.12.1897.
3) Acta Synodi: 1897, 8.
4) Acta Synodi: 1897 art. 276.

lonie begin aanneem het.

Vir die „kerk" in Rhodesië het dit jare van afgesonderheid beteken, maar nogtans het die bande met die moederkerk in 'n hoë mate behoue gebly. Dit moet in die eerste plaas toegeskryf word aan die nougesette uitvoering van hulle pligte deur die sendeling-onderwysers, en tweedens aan die parool van die sendelinge van Mochudi wat deur die Engelse na Bulawayo verwyder is. Hulle het daar egter soveel vryheid geniet dat hulle met die gemeentewerk kon help. Ds. P.Stofberg, die here D.Joubert en J.Knobel en mej.S.Retief het die hande van eerw. Groenewald so gesterk dat die Bulawayo-gemeente die meeste moeilikhede die hoof kon bied.[1)]

Ds. Stofberg veral het hom probeer vergewis van die toestande in die land[2)] en na die oorlog het hy by die moderatuur aangedring op 'n beter bearbeiding van Rhodesië. Daarop is ds. H.C.de Wet afgevaardig (1903) om die land te deurreis, na goeddunke te handel en aan die sinode te rapporteer.[3)] Hy het met groot lof gepraat van die werk te Bulawayo, Enkeldoorn en Melsetter, maar het aan die sinode meegedeel dat Salisbury en Bulawayo nie langer sonder 'n leraar kon klaarkom nie, veral aangesien eerw. Groenewald Bulawayo sou verlaat. Omdat Rhodesië op aparte behandeling aanspraak kon maak, het hy 'n spesiale „sinode" vir hulle voorgestel asook leraarstatus vir die sendelinge ter beloning van die goeie en self-opofferende werk wat hulle in die land gedoen het.[4)]

Die aanbevelinge is nie aanvaar nie, maar het daartoe gelei dat die gemeentes van Rhodesië aan die sorg van die noordelikste Ring van die Kerk, Hoopstad (Hope Town) toevertrou is.[5)] Dit was onmoontlik vir die kerk in Rhodesië om langer so los te bly staan en dit was uit alle oogpunte 'n goeie reëling. Daar is dan ook dadelik baie aktief deur die Ring opgetree om al die kerkerwe

1) Kerkbode: 4.3.1899; 28.12.1899.
2) Kerkbode: 18.10.1900; 5.4.1901.
3) Vgl. Kerkbode: 3.6.1903; Acta Synodi: 1903.
4) Acta Synodi: 1903, 34.
5) Notule: Ring van Du Toitspan, 20.10.1904.

behoorlik getransporteer te kry, en om leraars vir die gebied te soek, veral aangesien ook eerw. Le Roux op die punt was om Melsetter te verlaat.

b. Leraars vir die Gemeentes.

In November 1904, byna nege jaar na die eerste beroep in Bulawayo uitgebring is, het die Ring daarin geslaag om prop. J.N.Geldenhuys as leraar vir Bulawayo te verkry.[1] Die jongman het al dadelik 'n energieke en versiende leier geblykte wees, in 'n gemeente en in konsulentgemeentes wat gestrek het van die Kongo en die Waterval in die Sambesie tot by Waterval, die plaas van T.Moodie in Chipinga - byna tweeduisend myl. Hy het eers Salisbury besoek en die dorp weer tot 'n gemeente gestig[2] en 'n beroep op ds. D.du P. Steyn laat uitbring. Daarna is ds. J.Wessels te Melsetter beroep. Fort Victoria het opgehou om te bestaan en is nog getrou deur eerw. Louw en die sendelinge van Morgenster bearbei.[3] In Enkeldoorn het eerw. Liebenberg aangebly.

Gedurende daardie periode is Rhodesië ook op aandrang van die kommissie vir Spesiale Evangelieprediking deur die sendingsekretaris ds. (later prof.) J.du Plessis wat 'n reis na die binnelande van Afrika onderneem het, besoek.[4] Ook het hy daarin geslaag om die behoeftes van die Rhodesiese gemeentes te ontleed, aanbevelinge te doen en veral meer simpatie onder die Afrikaanse publiek met Rhodesië en die kerk aldaar aan te wakker.

Die eerste besluit wat daarna geneem is om die belange van die groeiende gemeentes beter te behartig, was om die Ring van Hoopstad (Hope Town) verder te verdeel en al die gemeentes van Rhodesië onder die Ring van Du Toitspan te laat ressorteer. (Acta Synodi 1906). Die simpatieke medewerking wat die kerk in Rhodesië van hierdie Ring ondervind het, het die leraars met selfvertroue gevul. 'n Onderwyskommissie bestaande uit die plaas-

1) Kerkbode: 1904. 87; Notule N.G.Kerk Bulawayo,15.3.1904.
2) Handelinge: Alg. Sin. Kommissie: 15.3.1905.(Vergelyk egter berig van Liebenberg in Kerkbode 26.4.1902.)
3) Vgl. Kerkbode 6.5.1915. Notule N.G.Kerk, Fort Victoria, 13.3.1905.
4) Kerkbode: 13.4.1905; 15.6.1905.

like predikante van Rhodesië is in 1907 in die lewe geroep, sendingaangeleenthode van die hele land kon bespreek word, en vir die eerste keer het daar 'n kerklike eenheid in Rhodesië geheers. Orals was daar tekens van 'n vaste rigting en veral 'n ontwaking van die nasionale bewussyn; daar was byvoorbeeld 'n besliste vermeerdering in die ledetal - Bulawayo 1330, Salisbury 530, Enkeldoorn 300, Melsetter 361,- dog die land het behalwe die predikante baie min Afrikaners gehad wat leiding probeer neem het.

Die gebrek aan fondse[1] was ook nog steeds 'n „kwelling des geestes". Die leraars is reeds afgevaardig geword om te gaan kollekteer (1907). Ds. Steyn het toé al gemeen dat die hulp van die Vrystaat en Transvaal ingeroep moes word, terwyl die Ring by die Sinode op meer ondersteuning uit die Hulpbehoewende Gemeentefonds aangedring het.[2] Na 'n tweede afvaardiging van ds. H.C.de Wet (1910) het ds. Geldenhuys voorgestel dat 'n „afsonderlike rubriek vir sendingwerk onder verafwonende of verstrooide geloofsgenote daargestel moes word." Dit sou, omdat die beroepstelsel onprakties geblyk het, en daar gedurig vakante gemeentes was,[3] leraars uit die suide~~rn~~ staat stel om vir 'n jaar of drie na Rhodesië „afgevaardig" te word. Dit is egter nie aanvaar nie, en die gemeentes moes toesien om self die nodige fondse te bekom.

Die dekade na 1910 het ten spyte van die swak geldelike toestand vooruitgang op alle gebiede getoon. Noord-Rhodesië het sy Macedoniese roepstem verhef, 'n private skooltjie begin en die hulp van die sendelinge van die Vrystaatse sending in Noord-oos-Rhodesië verkry. Die twee sendingwerksters sowel as die „hulpprediker," eerw. A.Botha te Bulawayo,[4] het die leraar van daardie gemeente, ds. J.Smuts, 'n geleentheid gegee

1) Vgl. Rapport v. Saakgelastigde, 1903.
2) Acta Synodi: 1909, 42.
3) Kerkbode: 25.2.1909.
4) Vgl. Notule: A.C.V.V., 15.4.1909.

om dié gebied te besoek, en 'n permanente sendeling eerw. B.Froneman later op Lusaka te vestig. In 1915 is op laasgenoemde dorp die eerste N.G.gemeente benoorde die Sambesie gestig.

Op onderwysgebied het dit met die Afrikaanse kind glad nie na wense gegaan nie en om verdere verwaarlosing teë te werk, is 'n weeshuis in 1911 te Bulawayo onder eerw. Botha geopen. Die aansoeke om opname het so vermeerder dat 'n groter stuk grond en geboue nodig was, en dat die weeshuis na 'n plaas wat die kerk te Daisyfield gekoop het, verskuif is, waar 'n skool begin kon word. Toe die onderwys van die Afrikaanse kind in ander sentra ook nie na wense behartig is nie, het manne soos dl. C.R.Kotze van Salisbury, J.Badenhorst van Melsetter, P.Eksteen van Bulawayo en eerw. T.C.B.Vlok wat die sendingwerk onder die Nyassavolk in Salisbury waargeneem het,[1] besluit om die onderwysstryd in die vorm van kerklike C.N.O.-skole aan te pak. Dr. D.F.Malan wat in 1912 die toestand van die Kerk tot in die Kongo ondersoek het, het reeds so'n stap aanbeveel.[2]

Hy het verder by „De Raad der Kerken" voorgestel dat, aangesien daar onder die geloofsgenote in verstrooiing lede van die kerk uit alle dele van Suid-Afrika was, en met die oog op beter bearbeiding van hul geestelike belange, die Raad die moontlikheid moes oorweeg van samewerking tussen die Gereformeerde kerke in die ondersteuning van werkkringe en inrigtinge buite die grense van die Unie.[2] Daartoe het dit egter nie gekom nie; maar op die Kaapse Sinode in 1915 het ds. Kotze om 'n verandering in die stelsel van toelae gepleit en eindelik is 'n sterk kommissie, die „Inwendige Sendingkommissie" (in teenstelling met die Buitelandse Sendingkommissie wat, volgens ds. Kotze altyd genoeg geld skyn te besit), in die lewe geroep vir die besondere behartiging van die

---

1) Kerkbode: 10.10.1902.
2) Malan: Naar Congoland: 77. Notule: Raad der Kerken: Alg. Verg. 6.3.1913, 1.3.1917.

belange van die uitgewekenes ook buite die "provinsiale" grenslyne – "om deze uitbreiding of voortplanting van de grootste en invloedrijkste kerk in Zuid-Afrika en Rhodesia behoorlik te behartigen, zij het met behulp van speciale heffingen of andersinds."[1]

Die groei van die gemeentes in Rhodesië daarna is in geen geringe mate aan die daadwerklike steun en optrede van dié kommissie- later die Algemene Armsorg – te danke nie. Deur toelaes veral uit dié bron is die C.N.O.beweging in Rhodesië moontlik gemaak, Daisyfield-weeshuis uitgebrei, Umtali en Lusaka in gemeentes afgestig, en die leraars met baie meer moed vervul.

c. <u>'n Eie Ring.</u>

Die Ring van Du Toitspan het gemeen dat die gemeentes van Rhodesië dadelik tot 'n aparte Ring gekonstitueer moes word,[2] maar dit is afgestem. In 1919 is weer aangetoon dat die Kerk in Rhodesië so uitbrei, soveel meer probleme en soveel plaaslike sake gehad het om self op te los dat daar in die Ring van Du Toitspan wat toe al uit agtien gemeentes bestaan het, nie reg aan daardie Kerk kon geskied nie. Op 2 November 1919 is derhalwe besluit dat 'n nuwe Ring, die Ring van Bulawayo wat uit al die gemeentes van Rhodesië sou bestaan, tot die Kaapse Sinode toegevoeg sou word.[3]

Hierdie nuwe mylpaal het vir die Rhodesiërs baie meer selfvertroue, maar ook meer verantwoordelikheid beteken. Dit het egter die voordeel gehad dat die bespreking oor plaaslike vraagstukke baie intensiewer was en dat dit die Rhodesiese Afrikaner 'n gevoel van eie waarde gegee wat hom sy eie behoeftes,maar ook sy moontlikhede laat besef het. Die feit dat die toelaes en ondersteuning sowel moreel as finansieel,nog deur die Sinode gewaarborg is, het die lede vrygelaat om 'n meer bepaald Rhodesiese gees en kameraadskap onderling

1) Acta Synodi: 1915, 16.
2) Acta Synodi: 1915, 39.
3) Acta Synodi: 1919, 33. Notule: Ring van Du Toitspan, 23.9.1920. Ring van Bulawayo 1, 120., 1, 2.

te ontwikkel.

As iemand egter kon voorsien watter kritieke jare daar vir die kerk gevolg het, meer bepaald op onderwysgebied en gemeentelike eise, is dit te betwyfel of so'n stap wel gedoen sou geword het. Dit het naamlik aanleiding gegee tot 'n verandering van kerkverband en ook tot die huidige sendingkrisis in Rhodesië.

d. Verandering van Kerkverband: Oorname van die Gemeentes deur die Kerk van die Oranje-Vrystaat.

Gedurende die byna dertig jaar van sy bestaan in Rhodesië het daar gaandeweg 'n soort "stryd"-kompleks[1] by die N.G.Kerk ontstaan. Dit het begin by die stryd van die jagter, trekker en boer om hulle in die vreemde te midde van pioniersmoeilikhede aan te pas, die stryd daarna van die Afrikaner om sy plek in die sosiale politieke en kerklike lewe vol te staan, die stryd van die N.G.Kerk as enigste eenheidsfront van die Afrikaners om hom as kerk met 'n hoë roepingsbesef te bly handhaaf - in 'n vreemde land en teenoor ander invloedryker kerkgroepe - deur 'n beslis Calvinistiese optrede en deur die oprigting van doeltreffende kerkgeboue; die stryd om vir die lid van daardie kerk die regte opvoeding te verseker; maar veral was dit 'n stryd van ponde, sjielings en pennies.

Fondse het feitlik vanaf die begin toe die eerste afgevaardigdes di. Hofmeyr en Stegmann teruggekeer het, kommer en sorg gebaar.[2] Met ds. Nel en Strasheim was dit nie anders nie. Die gemeentes het met die toelaes uit die Suide net daarin geslaag om die skamele salaris van die leraars te betaal - wat soms lank agterstallig was; in die behoeftes van die armes kon nie voorsien word nie sodat in Rhodesië, soos in die Unie, mettertyd die aantal blanke armes aangegroei het; fondse vir kerkgeboue het so stadig ingekom dat aan iets groots op dié gebied nie kon gedink word nie. Die eindelose tekorte, die onafgebroke kollektetoere, die herhaalde

1) Verslag: Ds. P.J.Pienaar, Voorsitter Alg. Armsorg Kommissie van die O.V.S., 3.
2) Kerkbode: 27.5.1892; 11.3.1895.

versoeke van hulp uit die armsorgkas[1]) en uit ander fondse moes met verloop van tyd sowel by die Afrikaner as by die kerk 'n kompleks van minderwaardigheid laat ontstaan het.

Uit die verskillende notules blyk dit dat geen gemeente op dié toestand 'n uitsondering was nie. Bulawayo kon met sy groot getal lidmate nie voor die tyd van ds. H.Barrish (1920) aan 'n nuwe kerkgebou begin dink nie; uit Melsetter moes ds. Kotze berig dat die gemeente sou ophou om te bestaan indien die nodige geldelike steun nie vir dié gemeente ontvang sou word nie; daarbenewens was op sowel Melsetter as Chipinga kerkgeboue nodig.[2]) Enkeldoorn was so dikwels agterstallig dat die dominee maar somtyds voedsel of klere in plaas van geld moes aanneem. Ook daar het die gemeente 'n nuwe kerkgebou verlang. In Salisbury het di. D.Steyn, C.R.Kotze en eerw. T.C.Vlok keer op keer gekla oor die agterstand van die N.G.Kerk teenoor die ander kerke; dog eers in 1927 is voorstelle vir 'n nuwe kerkgebou aangeneem. Umtali was van die begin af afhanklik van bydraes uit die Algemene Armsorgkas, en nadat 'n N.G.Kerkie daar gebou is, was dit alleen 'n bedrag van £800 uit die fonds wat die gemeente van 'n groot deel van sy skuld verlos het. Ten tye van ds. T.C.de Villiers (1929) was nie minder as £1,500 nie nodig om die gemeente skuldvry te maak. Gwelo, die eerste gemeente wat deur die Ring van Bulawayo afgestig is in 1920, was gelukkig om 'n saaltjie van die Engelse kerk aan te koop, maar geld vir 'n pastorie moes gekollekteer word. Teen 1927 het ds. G.J.Van Zyl aangekondig dat die ou saaltjie deur 'n kerkgebou vervang moes word.

In Noord-Rhodesië[3]) kon die sendeling eerw. Froneman op een tydstip ook nie meer betaal word nie, en ds. A.D.Luckhoff van die „Inwendige Sending" wat

1) Vgl. Algemene Armsorg Verslag, 1925, e.v.
2) Kerkbode 29.7.1912.
3) Vgl. Korrespondensie: Kongo (Kerkargief, Kaapstad), 15.11.1925, 10.2.1926.

die gebied in 1916 besoek het, het verklaar dat weens die baie ondersteuningswerke die Kaapse Kerk nie meer ondersteuning kon gee nie. Nadat Lusaka afgestig is, moes kerkies daar en op Broken Hill en Livingstone en in die Kongo gebou word. Ds. H.C.de Wet, die leraar, het hom in die twintiger jare veral beywer vir die ontwikkeling van die noordelike deel van die land, en in 1928 daarin geslaag om die N.G.Kerk buite die grense van Brits Suid-Afrika gestig te kry toe die N.G.Kerkgebou in die Belgiese Kongo te Elisabethville voltooi is. Die werkers daar, eerw. A.Smith [1] en daarna ds. J.Retief, [2] kon egter nie uit die plaaslike bydrae besoldig word nie. [3] Die masjinerie van die N.G.Kerk het sig te stadig vir die behoeftes van die mense in die snelontwikkelende binnelande van Afrika beweeg.

Die poging van leraars van die N.G.Kerk om die C.N.O.-skole te stig het verdere verpligtinge meegebring. Melsetter, Umtali en Salisbury het ekstra skuld gemaak om die skooltjies in stand te hou, maar hulle moes tog net soos in Noord-Rhodesië weens gebrek aan fondse eindelik gesluit word.

Al die gemeentes het aan die vooraand van groot en noodsaaklike ontwikkelinge gestaan, maar in die meeste gevalle kon die lopende uitgawes nie eens gedek word nie.

Vir die ongesonde toestand wat vanaf die begin geheers het, het die leraars verskeie oplossings aangebied. Benewens samewerking van al die provinsies het ds. Kotze in 1912 al voorgestel dat meer hulp uit die Vrystaat verkry moes word, aangesien die Vrystaatse Kerk juis toe die bearbeiding van Ghanziesland opgegee het [4] en daar gevoel is dat dié Kerk, eweseer as die Kaapse Kerk, vir die bearbeiding van Rhodesië verantwoordelik behoort te wees, omdat die lede van die Melsetter-gemeente byvoorbeeld, met weinige uitsonderinge almal van die Vry-

---

1) Vgl. Korrespondensie: Kongo(Kerkargief), 8.3.1928.
2) Idem: 10.3.1928.
3) Idem: 3.12.1927.
4) Kerkbode: 29.7.1912.

staat afkomstig was. Ook elders was die Vrystaat sterk verteenwoordig sodat die leraar oortuig was dat die Vrystaatse Kerk „in staat is, en ook altyd gewillig is om vir haar uitgewekene te sorg."[1] Dr. Malan se aanbeveling voor „de Raad der Kerken" dat sowel die Transvaal as die Vrystaat moes help om die Kerk in Rhodesië te ondersteun, is wel deur die Vrystaatse Sinode goedgekeur,[2] maar met die uitbreek van die „Wêreldoorlog" en die Rebellie is die saak weer op die lange baan geskuif. Die Kaapse Kerk het daarna weer die Vrystaatse Kerk gevra om £450 jaarliks by te dra om die C.N.O.-skole aan die gang te hou, sodat belangstelling in Rhodesiese aangeleenthede nie in die Vrystaat verflou het nie.[3] Na die C.N.O.-skole gesluit moes word, het ds. A.Luckhoff (van die Kaapse Armsorg) weer aanknopingspunte by die Vrystaatse Kerk gesoek. Dit het naamlik geblyk dat die verantwoordelikhede van die Kaapse Kerk te veel geword het. Die sending het steeds uitgebrei, die voorposte van die Kerk in Suidwes-Afrika, Argentinië, Betsjoeanaland, Kaffraria, en Namakwaland het besondere aandag vereis; daarbenewens was daar 'n hele aantal arbeidskolonies, armkoshuise, en twintig hulpbehoewende gemeentes wat sorg vereis het. Van die Transvaalse Kerk kon geen hulp verlang word nie, hoewel dié gewillig was om te help - want met Brits-Oos-Afrika en Tanganjika het daar meer as genoeg arbeidsveld gewag. Die idee dat dit dalk moontlik was vir die Vrystaat, wat van „buitelandse" pligte taamlik vry was, om die Rhodesiese gemeente oor te neem, het stadig vorm begin aanneem en eindelik is die saak op die sinodes bespreek.

Afgevaardigdes van die Kaapse en Vrystaatse kerke te wete di. P.J.Pienaar, A.D.Luckhoff, D.Du P. Steyn het dan ook die land deurreis (1927) en die gevolgtrekking gemaak dat dit die sielkundige oomblik vir die Vrystaatse kerk was om in te gryp.[4] In sy rapport het

1) Kerkbode: 29.7.1912.
2) Acta Synodi (O.V.S.): 1916, 49.
3) Acta Synodi: (O.V.S.):1922, 14.
4) Vgl. Die Volksblad: 28.9.1927, 10.10.1927.

die Vrystaatse afgevaardigdes meegedeel dat minstens tienduisend pond nodig was om die skuldelas uit te wis, en daarna eers kon aan uitbreiding begin dink word. „Veral moet sonder versuim op twee strategiese punte, Bulawayo en Salisbury, gebou word. Hierdie plekke gedoog eenvoudig geen uitstel meer nie," het dit in die verslag gelui.[1)]

Met die oog dus op die „onmiddellike dringende behoeftes van die gemeentes en met die oog op die toekomstige ontwikkeling van die kerk en ter bevordering van die Afrikanerbevolking in die Noorde" het die Ring van Bulawayo dit beskeidenlik by die Kaapse Kerk aan die hand gegee dat „representasies" by die Kerk van die Oranje-Vrystaat met die doel om die inlywing van die gemeentes van Rhodesië by daardie Kerk te bewerkstellig,"[2)] ingedien word. Daarna het drukke besprekinge van die Kaapse Sinode gevolg en is besluit[3)] dat die Vrystaatse Kerk offisieël in die verband genader sou word. Die bespreking in die Sinode van daardie Kerk was ewe ernstig en tegemoetkomend, en met 82 teen 8 stemme is die inlywing in 1928 bekragtig.[4)]

Dit het die einde beteken van 'n veertigjaarlange voogdyskap van die Kaapse Kerk oor die Rhodesiese gemeentes en is vergelyk met die uittree van 'n dogter uit haar ouerhuis.[5)] Uit 'n praktiese oogpunt was die inlywing op daardie tystip noodsaaklik en geregverdig. Die jare van stryd het die Rhodesiese gemeentes juis na so'n geleentheid laat verlang.

Om die finansiële las[6)] van die gemeentes te verlig, is daar tot die som van £18,000 besluit waarvan voorlopig (1929-30) aan Salisbury £2,800, Bulawayo £2,500, Daisyfield £1,950, Enkeldoorn £1,700, Umtali £1,400, Melsetter £1,300 en Lusaka £1,061 uitbetaal is.

---

1) Verslag: Ds. Pienaar, a.w. 6. 220
2) Notule: Ring van Bulawayo, 197, 198; Vgl. ook bl. 215.
3) Handeling Sin. Kom. 1928, 28; Acta Synodi: 1929, 209; Sinodale Kommissie 1931, dl. 11. 6.
4) Acta Synodi: (O.V.S.) 1928, 57; Vgl. ook Acta Synodi (Kaap): 1931. 17.
5) Notule: Ring van Bulawayo, 217.
6) Ringsscriba (Bulawayo): 9.5.1929.

Dié bydraes het die gemeentes die kans gegee om alle skuld af te betaal en om dadelik met nuwe kerke te Salisbury, Bulawayo en Enkeldoorn te begin. Daisyfield-Weeshuis het vinnig uitgebrei en is 'n verdere bydrae van £700 van die Rhodesiese regering gewaarborg.

Die ondersteuning het wel nie beteken dat alle probleme vir die N.G.Kerk opgelos was nie,[1] dog die Rhodesiese gemeentes het gevoel asof die kettings wat hulle gebind het, meteens losgeruk is;[2] en hulle het met 'n tipiese pioniersverantwoordelikheidsgevoel self geen steen onaangeroer gelaat om met die geld te „woeker" nie. 'n Kragtige samewerking is in al die gemeentes ondervind en binne enkele jare het sierlike kerkgeboue in Bulawayo, Salisbury en elders gepryk. Gemeentelike werksaamhede het gebloei. 'n Gevoel van sekerheid, gesag en trots het die Kerk in Rhodesië begin kenmerk. Dit het aan die Afrikaanse gemeenskap weer 'n sosiale status verskaf wat hy vinnig besig was om te verloor; daarmee is die voorposte van die volk en sy kerk versterk, en daarmee ook die Calvinistiese lewensbeskouing wat terselfdertyd die volk se nasionale identiteit is.

In die dertigerjare is in Noord-Rhodesië nog 'n gemeente, Nkana,(1933) gestig, en het Fort Victoria,(1936) weer selfstandig geword.[3] Nog later is Mufulira (1945) in Noord- en Gatooma (1943) in Suid-Rhodesië afgestig, terwyl op onderwysgebied 'n kerkskool te Bulawayo en die verskuiwing van die Daisyfield-Kindertehuis na Salisbury 'n „nuwe geluid" laat hoor het.

Dit het egter spoedig geblyk dat daar een groot leemte in die inlywingsooreenkoms was, en dit was op die gebied van die sending. By die besprekinge is geen woord van die uitgebreide werk van die Masjonalandse sending en van die sending onder die Nyassavolk gerep nie, sodat, toe die Vrystaat met die werk wou begin, daar vasgestel is dat die Kaapse Kerk en die Kerk van Midde-Afrika reeds gevestigde belange in die Ringsressorte ge-

1) Vgl. Notule N.G.Kerk Enkeldoorn, 9.2.1932.
2) Vgl. Notule Ring van Bulawayo, 26.4.1934.
3) Vgl. Verslag: Alg. Armsorgkommissie (O.V.S.)14.4.1934.

had het. Immers het geen van die kerke ooit om hulp vir hulle sendingwerk gevra nie; en hulle is ook nie met betrekking tot die inlywing geraadpleeg nie. Hulle was dan ook nie bereid om daarna sonder meer ingelyf te word nie.

Aan die billike eise van al drie kerke moet nog voldoen word, maar daar is 'n gevaar dat in die soeke na 'n oplossing by 'n dooiepunt, wat nou reeds amper vyftien jaar duur, stilgestaan sal word en daarmee sowel kerk as sending onnodige skade berokken sal word.

5. SAMEVATTING EN SLOT.

Die Romeine in Noord-Afrika en die Portugese in Oos-Afrika veral was die twee Europese volkere wat die evangelisasie van die „Donker Vasteland" onderneem het, voordat die Protestantse Nederlanders in 1652 onder Jan van Riebeeck in die suide daarmee begin het. Die besondere bestemming van die Afrikaanse volk wat uit daardie nedersetting gebore is, kan dan alleen ook uit die oogpunt van die handhawing van daardie Calvinistiese lewensbeskouing wat saam met van Riebeeck as nasionale erfenis uit Europa gekom het, gesien en bepaal word. Daarsonder sou die volk gevaar loop om, soos die Romeine en Portugese, onder te gaan of hul werk ongedaan te maak.

Die instelling wat meer bepaald die Calvinistiese lewenshouding by die Afrikaanse volk verseker, is die Afrikaanse Christelike kerk en al was daar tye en omstandighede waarin dit gelyk het of die nasionale gevoel teen die kerk gebots het soos ten tye van die Voortrek en die Adendorff-Trek, het die „kerk" die Afrikaner in sy noordwaartse beweging ook na Rhodesië vergesel.

Die gebied wat baie jare lank voor die Britse besetting in 1890 'n jagveld van die Boere was, vanaf die tyd toe Potgieter die Matabeles na die Matopoberge verdryf het, het mettertyd die aandag van Engelse en Afrikaners getrek en deur traktaatpogings van beide kante is gepoog om die reg op grondbesit in die land van

die naturelle-opperhoofde te verkry. Die B.S.A.Co. het sukses behaal en daarmee het die ideale van 'n onafhanklike Boere-Republiek benoorde die Limpopo verdwyn.

Daarna het 'n reeks Afrikanertrekke die land ingekom, sommige (soos die Martins) nog besiel met die ideaal van 'n Afrikaanse kolonie, andere (soos ondersteuners van die Afrikanerbond,) vas oortuig dat Rhodesië slegs 'n uitbreiding was van die grense van die Kaapkolonie.

As dit waar is dat Afrika familie-gewys beskaaf en geeuropaniseer geraak het,[1)] dan was dit by uitstek aan die Afrikaner te danke dat Rhodesië so vinnig ontwikkel het, aangesien hy met weinig uitsonderinge sy familie met hom saamgebring het. Sy vrou, die mees beskawende element en sy kinders, 'n land se grootste bate, het hom 'n ware burger van die nuwe gebied gemaak en hom nie in 'n alleenlopende fortuinsoeker laat verander nie. Sy broon het hy in die landbou gevind en nie in die goudmyne nie.

Vir hierdie nedersetters is die N.G.gemeentes eindelik na drie pogings van die Kaapse Moederkerk gestig. Daarna het kafferonluste, gebrek aan arbeiders, fondse en self-vertroue keer op keer die voortbestaan van die Afrikaanse kerk in Rhodesië geteister. Maar die een baanbreker na die ander het gehelp,[2)] sommige 'n kort tydjie soos Stegmann, Strasheim, Martin, Smuts, andere amper 'n lewe lank, soos Liebenberg, Louw, Botha, Vlok, om die Boerekerk in Rhodesië te bestendig. Die ontwikkeling van die kerklike gemeenskap, die produk van hul gesamentlike pogings en ywer, het voortgegaan totdat in 1920 'n eie selfstandige Ring van die Rhodesiese gemeentes gevorm is. Daarna is die hulp van die Vrystaatse Kerk ingeroep en met sy finansiële steun is die stof van onsekerheid en minderwaardigheid wat in die jare van pionierstryd en armoede begin vaskleef het, afgeskud.

(167.

1) Nepgen: Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekende,
2) Vgl. Ringsnotule: 1938, 73.

Na 'n halwe eeu van kolonisasie en aanvoorwerk in Rhodesië staan die Afrikaner daar aan die begin van 'n nuwe stadium van sy volksontwikkeling. En al is dit nie altyd moontlik of gerade om die dryfvere en motiewe wat die volksgroei kenmerk, gelyktydig met daardie proses te ontleed nie, kan met 'n groot mate van sekerheid gesê word dat die Afrikaner in Rhodesië in 'n besondere gunstige posisie geplaas is om die volksverlede en volkstoekoms in die lig van die Godsbestemming van nasies in oënskou te neem. Uit daardie verlede moet dit vir hom duidelik wees dat daar geen toeval in Gods Bestel is nie, maar dat uit die donkerste vrees en onmag op God se tyd verligting intree; dat hier, buite die nasionale grense, Christus ook sy kerk in stand gehou het en oorwinning gegee het. Vir die toekoms het dié N.G. Kerk en die Afrikaanse volksdeel in Rhodesië dan ook net as enigste waarborg daardie geloof dát God dié Kerk en dié volk wil gebruik om Sy Raad in Afrika verder te vervul, en dat Hy sal waak oor sowel die algemene as die besondere werksaamhede van die Afrikaanse kerk.

In die volgende bladsye word dan die stryd van die N.G.Kerk in Rhodesië in verband met een van sy besondere werksaamhede, naamlik die onderwys, bespreek. Daarin word getrag om aan te toon hoedat hierdie stryd op onderwysgebied eers besleg moet word, sodat die opvoeding van die Afrikaanse kind nie buite sy volks - en kerkverband staan nie, voordat daar voldoende konsolidasie sal wees om 'n nuwe voorwaartse beweging van die nasie en sy Kerk - wie se gang nie in terme van jare nie, maar van eeue gereken moet word - te regverdig.